BLINDE BARTIMÉÜS

Amen. Kom ons sê: "Prys die Here," op hierdie manier vir daardie wonderlike lied. [Gemeente gee applous—Red.] Is dit nie die waarheid nie? "Wanneer Jesus kom, dan verander alles," nie waar nie? Somberheid is heeltemal weg, duisternis.

2 En ons is net so bly dat Jesus belowe het, waar twee of drie ook al in Sy Naam vergader het, dat Hy sou kom. So ons weet dat Hy vanaand hier sal wees, alreeds hier is, omdat ons in Sy Naam vergader het.

3 Elke aand, na omtrent twaalfuur, wanneer ek soort van weer goed tot myself kom, sê iemand vir my, my seun of my vrou, een: "Te lank gehou vanaand, Billy. Daardie mense is mense wat werk. Jy sien hoeveel kom. Dis baie koud in daardie tent." So ek gaan 'n bietjie vroeg probeer uitkom, as ek kan, dan. So bid julle saam met my, en bid vir my, en ek sal die heel beste doen wat ek kan om gou te maak vanaand.

4 Wel, ek's so dankbaar. Ons is een bed, een rolstoel kort vanaand (Prys God; dis goed.) na gisteraand. Ek glo dit gaan jou aand wees, vanaand, suster, en jou aand ook, suster, vanaand, dat júlle nie môre-aand meer in die rolstoel of bed hoef te wees nie. En ek vertrou dat hulle, nie een van julle almal . . . julle agter in die gehoor, daaragter, sal sit môre-aand, of in julle eie kerk, of waarheen julle ook al gaan.

5 Nou, aan hierdie nuwe bekeerlinge wat pas in die diens bekeer is, moenie net stilsit nie. Kry vir julle 'n goeie kerk om na toe te gaan. Kyk hierrond. As julle van hierdie vallei of omstreke hier iewers is, kyk na hierdie pastore wat hier op die platvorm kom, en ons help in hierdie byeenkoms. Hulle glo in hierdie soort bediening. So gaan na hulle kerk toe en sê vir hulle dat jy 'n lidmaat daar wil wees.

6 En as ek iewers in hierdie buurt was, of êrens naby hulle, sou ek 'n lidmaat van hulle kerk wees, want ek waardeer hulle. En hulle het hulleself reg hier op hierdie platvorm opgestel, in die aand, vir almal laat weet waarin hulle glo. En as julle uitstedig is, van 'n ander plek af, kry vir julle 'n goeie kerk iewers, 'n goeie kerk wat die Evangelie verkondig en in Goddelike genesing glo. Nou, as julle is . . .

7 Ek ken nie te veel kerke hierbo nie. Ek ken 'n paar onder in die ander rigting. Ek weet van die Angelus Tempel, baie goeie kerk. Dis reg in Los Angeles. En ek ken Dr. Teeford, en—en—en Rolf McPherson, en—en Doktor Cummings, en al—al daardie baie gawe broers; baie goeie kerk. Die Vierkantmense is baie gaaf. As julle naby die tempel woon, wel, onthou dit net.

8 Ek hou dienste vir hulle regoor die land; Broer Beard van oorkant in die weste is 'n baie goeie vriend van my. En ek hou hulle konvensies ensovoorts, baie gawe mense. En Rolf McPherson, dink ek, is net een van die gaafste mense wat ek al ooit ontmoet het; baie gawe man.

9 Dan is daar Broer O. L. Jaggers van die Wêreld Kerk daaronder, nog 'n gawe man. Ek het dienste vir hom gehou, en ons het groot gemeenskap saam gehad.

10 Nou, daar's 'n bietjie onenigheid tussen daardie kerke, maar moenie dat dit julle pla nie. Hulle is net reg. Hulle is . . . Dis—dis in die haak; hulle is broers. Hulle is goed, almal gawe manne, elkeen van hulle. Dis reg. Jy moet 'n bietjie onenigheid hê somtyds om . . . Wel, hulle dink soort van hulle is teenstanders, om hulle soort van geestelik te hou. As hulle dit net nie verder as dit sal laat gaan nie, sal dit in die haak wees.

11 Maar ek is net lief vir Broer Jaggers, en ek is lief vir Broer Teeford, en Broer McPherson, en hulle almal. Hulle was almal baie dierbare broers van my. En ek is lief vir hulle almal. So hulle klein verskilletjies, wel, dis—dis in die haak; dit gebeur selfs in families, julle weet. En so, God se familie loop blykbaar ook nie enigsins gladder, as die res van ons s'n nie. So hulle is in die haak, albei van hulle. Hulle is gaaf, of, hulle almal. Hulle is gawe kêrels.

12 En ek glo daar's 'n—'n Broer A. A. Allen wat 'n herlewing hou daar ver onder iewers in Los Angeles daaronder. Ek ken skaars die man. Ek het van hom gehoor, maar ek ken hom nie. Maar hy's 'n broer wat genesingsdienste hou. En—en as daar enige daarrond onder in daardie deel is, wel . . . Natuurlik, Broer Allen is 'n evangelis soos ekself. Hy het nie enige sekere kerk nie.

13 En dan is daar 'n Broer Leroy Kopp daaronder wat 'n kerk het. En—en ek ken hom baie goed, 'n baie gawe Christenbroer. En, o, daar is net heelwat goeie kerke hieronder langs waarnatoe julle kan gaan.

14 So maak seker dat julle, uit al daardie goeie kerke, iewers een sal kan vind. En kry vir jou 'n kerktuiste, en gaan in en vertel vir hulle dat jy 'n lidmaat van hulle liggaam van gelowiges wil word.

15 En onthou dan, gaan dan na die ander kerke toe, en—en hou gemeenskap met hulle ook. Moet nooit enigiemand wegwys as 'n Christen nie, maak nie saak of hy nie 'n—'n Pinkster is, of hy nie 'n Baptis is, of Metodis is nie. Onthou, hy's in elk geval jou broer. Sien? Dis reg. Bly net daarby.

16 As jy nie so voel nie, dan behoort jy terug te kom. Sien? Dis reg. Jy behoort terug te kom, want jy het net nie ver genoeg gegaan nie, jy weet. As jy net . . .

17 Ek het nou die dag vertel van 'n Metodiste broer, vriend van my. En hy . . . ons het baie gemeenskap gehou met mekaar.

En hy was die pastoor van die Metodiste kerk in New Albany. En ons is albei onder in Kentucky gebore. Ek is eenkant in een leegte gebore en hy oorkant in die ander. Dis omtrent hoe ons ons rigtings daaronder het. En so . . .

18 En wel, ek het hom Broer Lum genoem. Sy naam was Edwards. En so, as hy 'n bekeerling gehad het, het hy gesê: "Nou, Broer Billy," hy het gesê: "ek . . . My vader en moeder was Metodis en ek . . . daarom kan ek—ek—ek net nie saamstem met onderdompeling nie. Ek—ek—ek wil hê jy moet my besprinkel."

19 Nou, hy—hy—hy sou nooit 'n goeie lidmaat wees vir my daarbo nie. So ek het gesê: "Ek sê jou wat. Ek het een van die gaafste broers onder in New Albany, stad net onder my, drie myl, en hy het 'n . . . Hy's die pastoor van 'n baie geestelike Metodiste kerk." Ek sou sê: "Hy's 'n goeie man." Ek het gesê: "Dis soort van droog, nie veel water daarrond nie." Maar ek het gesê: "Ek—ek sê jou, jy behoort af te gaan na hom toe. Nou, ek sal jou na hom toe neem."

20 Dit was my bekeerling wat 'n Metodis wou word. As hy een gehad het wat 'n Baptis wou word en regtig onderdompel wou word, sou hy sê: "Wel nou, jy sal nooit 'n goeie lidmaat vir my wees nie, maar ek het 'n goeie vriend bo in Jeffersonville, by die tabernakel, met die naam van Billy. Ek sê jou, Billy sal jou verdrink. Hy sal jou net vashou tot elke borrel is, net ophou opkom; maar hy's 'n goeie seun."

21 So dis die soort gemeenskap wat ons gehad het. Ek sou iets van hom sê, sê: "Dis baie droog by sy plek, want hy het nie veel water daaronder in New Albany nie, jy weet." En so sou hy sê dis so nat daarbo dat ek hulle verdrink het. Maar ons het gemeenskap gehad, Metodis en Baptis. En ek sou daaronder vir hom gaan preek; hy sou hierbo vir my kom preek.

22 Nou, as Metodis en Baptis dit doen, kan die ander dit sekerlik doen. Dis reg. So ons almal is broers in Christus Jesus, glo julle dit? [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Amen. Dis wonderlik.

23 Nou, gaan ons Sy Woord oopmaak. En ek gaan hierdie horlosie van my hierbuite neersit sodat ek weet dat ek nie te lank aanhou nie. Sien? Nou Skat, moet jy my nie uitskel na hierdie diens nie. Jy sien? Goed, ek gaan vanaand tydhou, as ek moontlik kan.

24 Nou, o, sy skel my nie uit nie, seën haar hart. Ek het net aangegaan, dit gesê. Sy sê my net: "Nou, Billy, jy weet dis mense wat werk daardie en hulle moet opskud." En ek weet wat dit is. Dis reg.

25 So laat ons in gebed wees, almal diep in gebed. En onthou, nog net 'n paar aande, dan sal ons Kalifornië, julle pragtige stad hier, of pragtige staat, moet verlaat, en teruggaan na Louisiana. Ek gaan van hier af na 'n diens bo in Louisiana, en miskien weer

binnekort oorsee op 'n lang oorsese reis. So, sal ons net nou met die Outeur praat voor ons Sy Woord lees?

26 Ons Hemelse Vader, ons kom nederig na U toe in die Naam van U geliefde Kind, die Here Jesus, om U dank en eer te gee vir alles wat U vir ons gedoen het.

27 Hierdie reisie van 'n paar jaar van gemeenskap hou met U, hoe ons harte bly gemaak word omdat ons U die sondaars sien red en hulle vul met U Heilige Gees, predikers van die Evangelie van hulle maak, prostitute van die straat af neem, regte egte dames van hulle maak. O, hoe ons U dank daarvoor.

28 U daardie bedlêende gevalle sien neem, wanneer U geliefde dokters hulle net opgegee, en gesê het: "Daar is niks meer wat gedoen kan word nie; hulle gaan sterf," en U hulle sien oprig as volmaak gesonde mense, ons is so dankbaar hiervoor, Vader, en ons kan dit skaars uitdruk in menslike woorde. Maar ontvang net die lof van ons harte soos ons ons siele uitstort aan U in danksegging.

29 En nou, Vader, sal U nie U Woord oopmaak vir ons vanaand en kom en 'n tydjie by ons vertoef nie? En red almal wat nie gered is nie, en vul almal met die Heilige Gees wat Dit nodig het vanaand. En ons bid ook, Vader, dat U elke siek persoon sal genees wat in ons midde is.

30 So bly om die getuienisse van gisteraand te hoor van wat U gedoen het. En ek bid dat U, as dit moontlik is, vir ons 'n dubbele porsie sal gee vanaand en net almal sal genees wat in Goddelike Teenwoordigheid is. Want ons vra dit in Jesus' Naam, U Seun. Amen.

31 Onthou nou, die basis van die diens . . . Dit werk skaars. En eendag, soos julle almal weet deur 'n visioen, en julle van onder rondom Los Angeles, dat hierdie bediening eendag sal . . . Ek sal ophou daarmee in Amerika. Sien? En—en dan . . . Ek kan nie nou nie, want as die mense kom, hou dit net aan werk.

32 Maar eendag gaan dit ophou, wanneer 'n dametjie by die platvorm gaan wees met 'n bruin rok aan met 'n babatjie op haar arm. En sy sal donker hare hê, en die babatjie sal 'n wit kombersie om hê. En dit sal die einde van hierdie soort bediening wees vir my in Amerika, totdat die Here Jesus daarvoor vra.

33 Maar dit sal oorsee wees. Julle sien? Hierbinne sal ek net die mense roep en gebedsrye hou en vir hulle bid. Die Amerikaanse mense, dis so moeilik vir hulle om te sien. Hulle het soveel in die naam van die bonatuurlike gehad, dat hulle soort van eenkant staan, dit betwyfel. Hulle kan dit nie help nie.

Die Amerikaanse mense is so geïndokumeerd. Julle sien, een sê: "Wel, Doktor Jones sê dis hipnotisme."

"Wel, my pastoor het gesê hy was 'n fanatikus."

"Wel, ek sê jou. Die . . . Ek . . . My pastoor het gesê dit was die duiwel."

34 "Wel, my pastoor weet nie wat om daarvan te dink nie." Sien? En hulle is herders. En dis alles reg. Hulle is . . . Sien? Maar wat jy doen, jy baseer jou gevolgtrekking op hulle besluit. Jy het jou eie besluit om te maak. Sien?

35 So wat dit is: Een ding—een ding in die sfeer van die bonatuurlike soos daardie, kan in Indië gebeur, en alles wat daar is, sal opstaan en genees word.

36 Ek het een man na die platvorm toe sien loop in Afrika. Wel, hulle het hom aan 'n ketting om sy nek gelei, hom so na die platvorm toe gebring. En daardie man is vertel uit watter stam hy gekom het, deur die Heilige Gees.

37 En 'n Mohammedaan het pas deurgegaan, het dieselfde ding gedoen: vir haar gesê na watter dokter toe sy gegaan het, en alles daarvan. En daardie mense wat net gehuil het, amper elke Mohammedaan daar, het na Christus toe gekom op daardie tyd. Wel, hierdie inboorling was genees en gesond gemaak en van daardie dinge vertel.

38 Dertigduisend bekeerlinge het na Christus toe gekom en vyf-en-twintigduisend definitiewe genesings het plaasgevind binne die bestek van een minuut. Hulle het selfs vragmotors geneem en tou gestaan om daardie krukke, en ou draagbare, en rolstoele, en kieries, en knuppels te kry, waarmee hulle geloop het, om hulle weg te neem van die gronde.

39 En langer as 'n jaar daarna, het die Durbanse koerant 'n artikel van die byeenkomste gepubliseer, en gesê dat een stam, die Swazi's daarbo, wat hulle geneem het, ek vergeet hoeveel lorrievragte vuurwapens, en horlosies, en goed wat hulle gesteel het. Hulle het absoluut uitverkoop. Hulle wou niks meer met sonde te doen hê nie.

40 En jy hoef nie vir die mense te sê, wat daar gesit het, net so nakend as wat hulle kon wees, mans, vroue, en almal, jy hoef nie vir hulle te sê: "Trek klere aan" nie; laat hulle net Christus vind. Dit sal aantrek . . .

Lyk asof hulle Hom soort van uit die oog verloor in Amerika, nie waar nie? Hmm. Dis reg.

41 Maar dit was so heidens. Hierdie klink baie kru. 'n Su- . . . 'n dame wat nie so ver gesit het, skaars, soos hierdie dame in 'n rolstoel sit nie, het geboorte geskenk aan 'n babatjie, net daar gesit, en hom net opgetel. En dit was al. Sien? En hulle let dit nie op nie. En . . . bo in die stamme . . .

42 Maar daardie eenvoudige mense, hulle bevraagteken nooit nie. Hulle bevraagteken nie. Hulle sien dat iets gedoen word, handel dit dit af vir hulle, elkeen van hulle. Sê hulle net, en hulle sal almal opstaan en verlaat hulle . . . een mag . . . kan miskien nie

loop nie, en hy probeer 'n tree gee. En voor jy jou kom kry, daar begin hy hardloop. En hier kom 'n ander een op hierdie manier. En hy sien daardie een gaan, en daar trek hy. En dan, voor jy jou kom kry, is dit net—net een groot konglomerasie. Dis al. Dis al wat jy moet bly. Dan is dit alles verby.

43 En toe het ek my altaar-oproep gemaak, en dertigduisend rou heidene, wat nog nooit enigiets van Jesus Christus af geweet het nie, het Hom op een slag aanvaar en hulle afgode gebreek op die grond tot dit soos 'n stofstorm gelyk het waar hulle was.

44 Maar die Amerikaners, ons in Amerika, o, ons wonder: "Nou, dit—dit is nie net presies . . . hy behoort nie aan my kerk nie." En: "Ek—ek weet nie daarvan nie. Nou, ek sê jou. Ek—ek's 'n baie slim persoon. Ek het 'n geleerdheid." Dit sou beter vir jou gewees het as jy dit nie gehad het nie, as dit die manier is wat jy dit doen. Dis reg.

Wel, ons moet net daardie goed verduur. Ons is 'n groot beskawing, maar ek is bevrees ons is aan die einde. Um-hum.

45 Goed, in die Boek, in die 18de hoofstuk van Lukas, en die 35ste vers, net vir 'n voorlesing, en net 'n paar oomblikke se praatjie. En ek gaan my horlosie hier dophou, en sodra dit nege-uur sê, gaan ons net ophou en die gebedsry begin, sodat ons om nege-dertig kan verdaag, indien moontlik: 35ste vers, nou, van die 18de hoofstuk van Lukas:

> *En, . . . Hy naby Jérigo kom, sit daar 'n blinde man langs die pad en bedel:*

Mag die Here Sy seëninge voeg by Sy Woord.

46 Ons is almal bekend met hierdie Skrif. En in die aand soos hierdie, probeer jy nie preek nie, want dit . . . die salwing . . . ek het heel middag gebid net vir die salwing om te sien dat die visioene naby is. En dan—dan, wanneer ek hier inkom en net begin preek, dan voor jy jou kom kry, verlaat dit my. En dan is ek . . . het jy 'n vreeslike tyd.

47 So ek moet net 'n rukkie praat, om soort van die gevoel van die skare te kry en hulle almal rustig te kry, en elke gees. Nie soseer die mense nie, maar dis die geeste, wat kalm word. Dan kan jy die gebedsry begin. Sien?

48 En nou, kom ons dink aan hierdie toneel vanaand. Destyds, dit was net aan die einde van Jesus se bediening.

49 Gisteraand het ons gepraat van die begin, hoedat God Hom 'n visioen gegee het om te vertrek en weg te gaan, dan . . . want Sy vriend sou sterf, en God sou Sy mag deur Sy Seun, Christus wys, om hierdie man op te wek.

50 Nou, vanaand gaan ons uit 'n ander hoek benader, aan die einde van Sy bediening. En Hy het baie wonderwerke gedoen oraloor die land. Tog, was dit toe, soos dit vandag is, maak nie

saak hoeveel wonderwerke gedoen kan word nie, daar is steeds mense wat nie wil glo nie.

51 En so, maak ons toneel vanaand oop by 'n baie hartseer saak. Dis 'n blinde man en hy sit, gebukkend.

52 Kom ons verbeel soos ons . . . Kom ons neem dit as 'n drama. En kom ons verbeel ons dat die son ondergaan. Dis miskien na drie-uur in die middag.

53 En die groot hoë mure van Jérigo, wel, hierdie blinde man is gehurk langs hierdie mure. En sy . . . Hy was 'n bedelaar, word vir ons vertel. En sy naam was blinde . . . sy naam was Bartiméüs; baie van julle spreek dit Bartiméüs uit; albei maniere sou reg wees. En hy was . . . Sy lot . . . Miskien was dit moeilik vir hom om 'n lewe te probeer maak. En ons word deur historici vertel dat hy 'n getroude man was, 'n familie gehad het. Maar dit was moeilik vir hom om 'n lewe te maak omdat hy gebedel het, en daar was baie bedelaars in daardie dae.

Daar was . . . Melaatses was bedelaars. O, daardie verskriklike plaag van melaatsheid, niemand kan omtrent daarby verbygaan sonder om 'n snaakse gevoel te kry nie.

54 Ek het hulle gesien. Ek het altyd gedink dat melaatsheid aansteeklik was, dat jy dit kon kry. Maar jy kan nie melaatsheid kry een van die ander nie. Ek het hulle omhels en hulle gesoen, en alles. So jy kan nie melaatsheid een van die ander kry nie. Dit—dit word deur dieet veroorsaak.

55 En ek het melaatses gehad met net penne vir arms soos *daardie*, wat pennetjies rondswaai, om my te probeer omhels in die gebedsry en dinge; arm ou vroue in die straat. En partymaal eet melaatsheid tone tot hulle regop staan soos 'n groot vrat, omtrent *so* groot, spierwit. Maar net, o, verskriklike gesigte van melaatsheid. Wat 'n verskriklike ding is dit om te hê. Mediese wetenskap het nog geen geneesmiddel daarvoor nie. En dis 'n verskriklike ding. Nie 'n pynlike ding nie, maar dis 'n . . . Dis so pateties om iemand te sien wie se hande afgeval het, ensovoorts, en miskien deel van hulle gesig en hulle ore af van melaatsheid. En dit lyk wit, dis 'n verskriklike gesig.

56 En daar was baie melaatses in daardie dae, en hulle . . . die mense moes uitkom in die oggend. Miskien 'n man wat kon bekostig om 'n man 'n muntstuk te gee, miskien hy . . . die eerste man wat hy ontmoet het, het hy vir hom 'n muntstuk gegee. Dit het dit afgehandel vir die dag. Hy kon nie vir elkeen gee nie, want bedelaars was oral: blinde bedelaars, en verlamde bedelaars, en daar was melaatses, en allerhande soorte beproefdes wat net oral gelê en bedel het. Dit was die tonele wat ons Here gesien het toe Hy hier op aarde was.

57 In die oosterse, in die ooste, liewer, het dit nie veel verander nie. Ek s- . . . was in die ooste, en het die sterrewiggelaars gesien, die wyse manne, wat op die straat sit, en opkyk. En net omtrent

soos dit was toe Jesus gekom het: wat steeds hulle lendekleed dra en tulbande op hulle koppe ensovoorts; altyd nuuskierig, en wat wil vrae vra; en praat van bonatuurlike dinge; ensovoorts.

58 En so, hierdie arme ou blinde man, wat daar gesit het, miskien in die herfs van die jaar en miskien het hy gewonder hoe hy ooit sy wintergeld sou kry. En raak nogal koel daaronder.

59 En—en hy het langs die pad gesit en bedel. Miskien sou hy vandag eet, en môre kon hy nie eet nie. Miskien kon hy nie die volgende dag eet nie, en dan weer genoeg kry om te eet.

60 Ek onthou in Bombaai, ek sal nooit vergeet toe ons daar ingekom het nie, daar was . . . Bombaai, Indië, 'n baie behoeftige plek. Julle weet dat hulle net hulle vryheid teruggekry het van bankrotskap, 'n paar . . . omtrent vyf of ses jaar gelede.

61 En dis vierhonderd-en-sewentigmiljoen mense in Indië, maar daar's baie, baie miljoene van hulle wat bedelaars is. Hulle lê ingeryg op die straat, reg in Bombaai.

En ek onthou na die eerste aand, en die mense het geweet waar ons gebly het daar by daardie Taj Mahal Hotel. Die volgende oggend . . .

62 Ek het 'n bietjie geld gehad wat Amerikaanse geld was. En ek sou offerandes opneem vir oorsee, en dit insit tot ons genoeg sou hê om oor te gaan, dan die Evangelie gaan preek, en dan terugkom en nog Amerikaanse dienste hou, dan genoeg geld kry, oorgaan en preek, dan sou ek terugkom.

63 En so het ek 'n bietjie geld gehad wat mense vir my gegee het om vir die mense te gee. En so het ek ondertoe gegaan, ek het gedink: "Wel, ek sal dit net omruil vir—vir Indiese roepees." En so het ek in die straat uitgegaan. En ek sê vir julle, hulle moes amper elke . . . die weermag om my van die straat af te kry. Hulle trap op jou en alles, hardloop bo-oor jou, bedelaars, toe hulle geweet het ek was daarbo. Dit was so jammerlik.

64 Die volgende oggend toe Mnr. Baxter en hulle gekom het om my te kom haal vir ontbyt, en ek soontoe gegaan het, en ek . . . Na ek daarbinne was, het ek aan die buitekant gekyk, en net rye bedelaars oral.

65 En ek het daar opgestaan en 'n klomp van hierdie, roepees gehad. Hulle is omtrent vier-en-twintig sent elk; wat 'n kêrel wat werk toe gaan, 'n vrou of 'n man, enigeen, sal werk toe gaan teen omtrent vieruur in die môre en werk tot tienuur vanaand met 'n mandjie op sy kop, om beton teen groot trappe op te dra en uit te gooi, beton oral oor hulle liggaam en alles, vir 'n roepee per dag, en bly om dit te kry.

66 En hulle kan 'n bietjie kerrie koop, en dis omtrent al. Mense wat in die straat af loop, ou klein verhongerde apies wat hulle volg, wat fynkam, enigiets beet te kry wat hulle kan eet. Hulle is regtig behoeftig.

67 En so het ek ’n klomp van hierdie roepees gekry, en ek het daar na die venster toe gegaan, en hulle uitgegooi soos *daardie*. En ek sê julle, dis ’n wonder hulle is nie dood, net met daardie roepees nie. En mense wat geskree en oor mekaar geval het.

68 Wel, die Amerikaanse mense het dit vir my gegee om vir hulle te gee, seker gemaak dit het nooit na een of ander vereniging gegaan en vir iemand om te spandeer ensovoorts nie, maar dit het net reguit na die individu toe gegaan. Dis hoe ek daarvan hou om dit te gee, reguit na die persoon wat ek weet dit kry.

69 Wel toe, toe ek gaan ontbyt eet het, sê ek julle was dit net een uitroep die heelnag lank. Dit sou net ’n hart breek. Ek sou na die venster toe gaan, en daar, moeders met hulle babatjies, hulle piepklein handjies, en hulle ingesinkte wangetjies, hulle magies opgeswel van die honger, arme moedertjie kon net skaars regop staan. Sy het gebedel vir haar babatjie. Het nie enige verskil gemaak of sy gesterf het nie, moes net nie die babatjie laat sterf van die honger nie.

70 Wel, hoe gaan jy vir die moeders gee? Dan almal wat rondgestaan het, en—en melaatses en alles, so wanneer ek daar sou ingaan en probeer ontbyt eet, kon ek hulle die heeldag en nag hoor, wat daarbuite skree “Padre.”

71 Pa . . . Wel, *padre* is ’n . . . Dis ’n . . . Ek dink dis ’n Spaanse woord wat “vader,” of “predikers” beteken. En daardie, hulle, skree dit net dag en nag. Ek het vir hulle al die geld gegee wat ek gehad het, seën hulle ou hartjies. Ek—ek het hulle jammer gekry.

72 En om al die bedelaars te sien. Ek sou daar by die venster staan en terugtree. Hulle sou my ontbyt inbring: ’n lemoen en ’n paar koekies. Net sodra die tee . . . en daardie ou bitter tee, ek het soveel tee gedrink tot dit “tee, tee” was. Ek reken as jy my met ’n speld gesteek het, sou ek tee gebloei het. Dis net die heeltyd, net tee, tee, tee, elke paar uur. En hulle sou dit inbring; ek sou niks sê nie, want dit was net op die hotelrekening. Julle sien? En dan sou ek hierdie lemoene en koekies neem en soontoe gaan en hulle uitgooi na daardie moeders en babatjies toe. O, goeiste. En ek het gesien ’n . . .

73 Ek het vir Billy Paul, my seun gesê, ek het gesê: “Wonder of daardie kêrel sonder arms, hoe op aarde gaan hy dit kry?” Selfs, hy het op sy tone op penne geloop, soos *daardie*, op die stompies op sy voete. Melaatsheid het sy voete weggevreet. En uiteindelik het ons hom eenkant gekry dat ons vir hom ’n roepee kon laat val.

74 Weet julle hoe het hy dit opgetel? En daardie strate waar al die beeste verbygaan, en o, goeiste, kan skaars jou neus toedruk om verby te gaan, hy het dit opgelek met sy tong, en af in die straat het hy gegaan op daardie penne, net so vinnig as wat hy kon, om dit in te handig om ’n bietjie kerrie te kry wat van skaappote, ensovoorts gemaak is, om te eet.

75 Broer, ek sê jou, ek's 'n mens. Dit—dit het my net amper doodgemaak, daardie babatjies te sien, en ek het gedink: "Genade! O, God, hoeveel langer sal dit wees?"

En hier is ons—hier is ons, gooi genoeg weg hier in 'n steeg, om amper die mense mee te voer.

76 Maar kyk hier, ek weet hierdie is nie volgens die normale trant, my onderwerp nie. Ek wil vir julle iets vertel, net hierdie onder julle aandag bring. Verlede week moes ek preek, maar ek wil net hierdie woord sê.

77 Kyk, ons gaan soontoe en sê vir daardie man dat hy ons broer is. Goed, wat doen ons? Ons stuur soontoe, en hy sien die Amerikaanse man uit die motor uitklim, van die boot af; verby ry in 'n yslike groot mooi motor.

78 Hy sit in 'n ou modderpoelletjie, 'n paar stingeltjies van iets wat hy daar kweek. Sy—sy kleinkinders . . . Sy oupagrootjie is in onkunde grootgemaak. Sy vader, daar is hy, sy kinders het net so grootgeword. Sy vrou sal in daardie poelletjie was en hy sal 'n bietjie uit daardie selfde poelletjie kom optrek om te drink.

79 En as ons broers is, in gelykheid, hoekom is dit dat een welgeklee kom? En as . . . Ek's skaam om dit te sê, maar baiekeer hoogmoedig, en skuur by hom verby. En probeer dan Christelikheid met hom bespreek? Hy wonder.

80 Nou, wat gebeur het, kommunisme het vir hom kom vertel dis alles vals, en vir hom 'n vals ekonomie daar gekry. Deur vir hom 'n hoop te gee en te sê: "Ja, dis hoe hulle dit doen, dis die—die kapitaliste," ensovoorts. En voor jy jou kom kry . . .

81 Hoekom dit dit gedoen het, is omdat ons ons geld in bierblikkies en doppies en sulke dinge sit, en die sendeling moes lewe van 'n pennie-optog na die altaar omtrent een maal per maand. En broer, ons het gesaai, en ons gaan maai wat ons gesaai het. Onthou julle dit net. Sekerlik.

82 O, goeiste, bedelaars. Ek kan ou blinde Bartiméüs daar sien sit langs die hek. Kom ons kyk net vir 'n paar oomblikke na hom om . . . net op daardie manier, as 'n individu. Kom ons verbeel ons net ons sien hom daar sit en kon sien waaraan hy gedink het.

83 Ek kan my voorstel hy het daar gesit, aan die bewe, die winde, sy verslete moue wat gehang het. Hy kan nie sien nie. As daar op hom geopereer kon word vir sy blindheid, wel, hy het nie die geld gehad om dit te doen nie. Miskien kon hulle, die dokters, niks vir hom doen nie, want ek reken dit was te ver van hulle af, en veral in daardie dae. So hy het gebewe.

En ek kan my voorstel hy was 'n gelowige. Hy sou terugdink: "Weet jy wat? Ek sit reg langs hierdie muur."

84 En net hierbuite, omtrent 'n honderd tree van hom af, daar, was dieselfde hoofweg wat baie jare tevore, die groot kryger Josua om die mure marsjeer het, toe die mure geval het. Nie meer

as ’n paar honderd tree van daar af waar Josua, eendag na die poort toe oppad was, die Leërowerste van die Here gestaan het met Sy swaard omhoog nie. Maar helaas, die dae is verby.

85 Dieselfde Jérigo waar hierdie blinde man gesit het; ek kan my voorstel Bartiméüs wat sê: “O, as ek net toe kon gelewe het, toe Jehova ’n werklikheid was vir die mense, toe Jehova regtig wonderwerke vir ons gedoen het. ‘Maar die dae is verby,’ sê die priester. ‘Dit was honderde jare gelede. Jehova doen nie hierdie dinge vandag nie.’”

86 En dan, ook, reg op daardie selfde pad, het Elía en Elisa gekom met hulle arms om mekaar, oppad na die Jordaan waar hulle die water geslaan het, en die water na die een en ander kant toe verdeel het, en hulle oorgestap het op droë grond.

87 Ek kan my voorstel blinde Bartiméüs wat sê: “O, as ek net in daardie dag kon gelewe het, toe daardie groot, magtige profete in daardie hoofweg afgestap het daar. Ek sou uitgehardloop het na hulle, en gesê het: ‘Profeet van God, wees my genadig, en gee vir my my sig terug.’ Maar helaas, die priester sê die dae van wonderwerke is verby. So ons het dit nie meer nie. Skynbaar sê hulle net dat Jehova al Sy krag verloor het.”

88 Broer, hulle probeer dieselfde ding vandag sê. Maar Hy’s steeds Jehova God, in dieselfde krag, dieselfde medelye wat Hy was, en Hy altyd sal wees. Hulle het hulle gehad wat Sy krag in daardie dae ontken het, en Sy wonderwerke ontken het, Sy tekens ontken het. En ons het hulle nog, vandag, en sal hulle tot aan die einde van die wêreld hê.

89 Ons het hulle in daardie dae gehad wat geglo en ontvang het. En ons het hulle wat vandag glo en ontvang. En as daar ’n môre is, sal hulle nogsteeds glo en ontvang.

90 Jesus het gesê: “Ek sal saam met julle wandel, tot aan die einde van die wêreld.” Amen. “Ek sal met julle wees, ’n Metgesel, ’n Medeburger saam met julle. Ek sal saam met julle stap. Ek sal julle lei in die weë wat julle moet gaan, as julle My net sal toelaat.” Ek hou daarvan. “Ek sal met julle wees tot aan die einde van die wêreld. Tot dit alles verby is, sal Ek met julle wees.”

91 Let op. Toe het hy gedink: “O, as ek net kon gelewe het in die dae toe wonderwerke ’n werklikheid was. Hier is ek buite bereik van die dokter. Ek’s ’n arm bedelaar. Ek het ’n familie by die huis. Miskien het ek vandag nooit ’n muntstuk gekry nie. My kinders is honger; en my vrou, ek weet sy’s honger. En ek het geen ander manier om ’n lewe te maak nie. O, as ek net kon sien, sou ek vir my ’n werk iewers oorkant in ’n koringland gekry het. Maar ek kan nie sien nie.”

92 Nou, ek kan my voorstel soos hy daar sit, het God met sy hart begin werk en hom voorberei vir iets. Min het hy geweet, dat die Fontein van die Lewe net om die draai was. Halleluja!

93 Net om die draai, wanneer jy dink aan Goddelike genesing, begin dink aan Christus, hou Hom in jou gedagte. "As daar enige lof is, as daar enige deug is," het die Bybel gesê: "dink aan hierdie dinge."

94 As enige gedagte opkom: "Wel, miskien kan dit nie so wees nie. Miskien dit . . . " Kry dit sommeer gou uit jou gedagtes uit. Dink aan dinge wat positief is. Moet nooit 'n negatiewe gedagte deur jou laat gaan nie; net, of, laat dit stop, in elk geval, as dit begin deurgaan. Hou jou gedagtes positief: Jesus.

95 Moenie dink, deur hier in hierdie rolstoel te sit, jy, dat jy hopeloos, hulpeloos is nie. Jy is nie. Moenie dat daardie negatiewe gedagte ooit deurgaan nie, moet dit nie laat anker nie. Jy kan nie help dat dit deur jou gedagte gaan nie (Dis reg.), maar moet dit nie laat stilstaan nie.

96 Soos die ou boer gesê het: "Ek kan nie die voëls keer om oor my plek te vlieg nie." Maar hy het 'n dubbelloop haelgeweer gehad, gesê: "Ek kan beslis keer dat hulle nes maak." So, doen jy dieselfde ding, en jy ook. Sien? Moet hulle nie laat nes maak nie. Laat hulle net deurgaan.

97 Nou, hier's die haelgeweer om te gebruik. Beide Nuwe en Ou Testament, dis 'n dubbelloop. Dis baie goed, ook. Ek sê julle, Dit hou hulle almal weg.

98 Goed. Blinde Bartiméüs wat daar gesit het met dit alles wat deur sy gedagtes gegaan het: "As ek net hier kon gewees het toe die groot profete in die pad af gekom het en afgestap het na die Jordaan. Ek sou hulle vir 'n paar oomblikke gestop het vir 'n, net 'n gesprekkie, en vir hulle gevra het om vir my te bid. En ek glo Jehova sou vir my my sig gegee het."

99 Nou, meteens, het hy 'n geraas gehoor. Julle weet, dis vreemd, gewoonlik wanneer Jesus daar is, is daar 'n bietjie geraas. Julle weet, ek—ek—ek hou soort van daarvan; soort van 'n bietjie raserig, julle weet. En julle weet, die enigste manier wat hulle kon sê dat Aäron lewendig was wanneer hy agter die Allerheiligste ingegaan het, hy het aan die some van sy kleed gehad, het hy 'n granaat en 'n klokkie gehad. En dis die enigste manier wat hulle kon sê of hy lewendig was of nie, hy het 'n klein geluidjie daarbinne gemaak.

Ek's bevrees ons het weer 'n granaat en 'n klokkie nodig, ja, net 'n bietjie—'n bietjie geraas.

En so, gewoonlik waar Jesus was, as dit nie iemand was wat geskree het nie, was dit iemand wat met Hom gestry het; dit was een of ander geraas wat gemaak is.

100 So daar het 'n geraas om die hoek gekom. En voor jy jou kom kry, het die hele plek begin wemel van die mense; die ou bedelaar wat langs die muur gesit het. En dit was skynbaar ver

weg, waarskynlik twee maal die lengte van hierdie tent, hier, was waar die pad verby Jérigo loop.

101 En daar langs die pad was miskien waar die geraas was. En daar's mense wat verbygaan en elke. . . Party van hulle het geskree: "Weg met hom, weg met hom!"

En die priester wat skree: "Jou skynheilige! Daar's niks aan jou nie."

En iemand wat skree: "Hosanna! Hosanna!"

102 O, gemengde menigte. Maar daarlangs het die einste Leërowerste van die Here gekom, wat vir Josua ontmoet het. Amen. Is Hy nie die Leërowerste nie? Hy was die Engel van die Verbond, die Vuurkolom wat die kinders van Israel gelei het. En hier was Hy, en weer hier, gekom, toe die mense gesê het: "Die dae van wonderwerke is verby, daar is geen hoop nie," hier kom die Leërowerste van die Here, wat verbykom, net betyds. Hy sal altyd net reg arriveer.

103 Hier is Hy, wat verbykom. Die blinde man, hy het natuurlik nie geweet nie. Ek kan hom voorstel wat sy kop oral optel, om te sien of hy beter uit daardie oor kon hoor. Voor jy jou kom kry, het iemand op hom getrap ensovoorts en hom teruggedruk. Ek kan hom hoor sê: "Wat is al die geraas?" Niemand het enige notisie van hom geneem nie; aangegaan.

104 Hulle het geluister na sommige wat skree: "Weg met hom. Gaan terug Násaret toe, waar jy hoort. Ons het jou nie nodig. . . hieronder in hierdie streek nie. Gaan terug"; allerhande soorte geraas.

Nog een wat skree: "Hy is die Here van die leërskare. Hosanna! Hosanna in die hoogste!"

Die menigte: Een wat skree, Hom waarskynlik met oorryp vrugte gooi, en alles.

105 Maar Jesus, wat voor die skare uitloop, o, goeiste, Sy gesig op na die hemele. Wat was voor Hom? Reguit oppad Jerusalem toe om te sterf vir die sondes van die wêreld. Siende Wie Hy was, die Seun van God, die Koning van alle profete, en die. . . en in die wete dat dit vir Hom voorgelê het, het Hy, natuurlik, daaraan gedink.

106 Hy het nie geluister na die skare wat geskree het: "Weg hiermee," en: "weg daarmee," en "Hosanna!" nie. Hy kon nie daarna luister nie. Sy dissipels het 'n moeilike tyd gehad om te keer dat 'n oproer rondom Hom ontstaan: party wat probeer het om Hom aan te raak om genees te word; ander wou Hom klap of Hom slaan met iets om Hom plat te slaan; die dissipels wat aangegaan het, hulle weggestoot het.

107 Jesus, op daardie koel, stil, stadige pas, reguit in die pad af, op Sy pad met Sy gesig op na Sy Hemelse Vader, wat loop soos 'n gehoorsame Seun, korrek.

108 En soos Hy aanstap, met almal wat skree, glo ek dit was 'n gawe dame, miskien, toe blinde Bartiméüs gesê het: "Wel? Wat is al die geraas? Ek het net gedink, wat is al die geraas?"

En miskien het 'n gawe dame afgebuk en gesê: "Wel, blinde bedelaar, Jesus van Násaret gaan nou hier verby."

109 O, daar was nuwe hoop. Wat was dit? Iets, hy kon dit nie sien nie, maar hy het 'n ander sintuig van gehoor gehad. Sig is nie altyd . . . Sien is nie altyd glo nie. Partymaal is hoor glo; geloof kom deur te hoor, nie deur te sien nie, deur te hoor. Iemand het vir hom vertel dat Jesus van Násaret . . .

"O, is dit die profeet daarbo Wat die siekes doen?"

110 "Wel, dit moet wees," het die dame gesê: "party van hulle roep uit na Hom en sê: 'My babatjie is deur Hom genees,' die . . . 'n ander man wat daar loop het gesê hy was kreupel, hy—hy dra 'n paar stokke waarop hy altyd geloop het. Maar die priester het gedink . . . "

"O," sê hy: "stop Hom vir my."

"Stop Hom? Wel, jy kan Hom nie stop nie. Kyk na Hom. Hy gaan met die pad langs daar."

111 En toe, het die ou blinde bedelaar op sy voete gekom en uitgeroep: "O, Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig. O, Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig."

112 Nou, julle weet in daardie hele malende, samedrommende, oproerige skare, en Jesus met Sy aangesig gedraai na die hemele, wat reguit na Gólgota toe loop om gekruisig te word, met die laste van die hele wêreld wat op Sy skouer rus, sou Hy nooit daardie arme, ou maer mannetjie daar ver agter, langs daardie heining, of, langs die muur, gehoor het wat geskree het: "Wees my genadig," wanneer hulle alles geskree het nie.

En soos Hy in die pad opgegaan het, blinde Bartiméüs wat probeer het, hy het gesê: "O . . . "

Party van hulle het gesê: "Bly stil. Hy's al daar ver af in die pad."

Hy . . . Dit sou hom nie stop nie. Hy het sy hand opgesteek: "O, Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig."

113 Wat het gebeur? Wat het plaasgevind? Dieselfde wat gebeur het met die vrou wat Sy kleed aangeraak het. Hy het geweet dis die naaste wat hy ooit aan Hom was. Hy het geweet dis waarskynlik die naaste wat hy ooit op sy aardse reis aan Hom sou wees. So die enigste ding wat hy kon doen, was om al die geloof bymekaar te maak wat hy kon om te glo dat Jesus nie by hom sou verbygaan nie.

114 Sy geloof het Jesus van Násaret op Sy pad na Jerusalem gestop. Meteens, soos Hy geloop het, het Hy gestop, omgekyk. Wat was dit? Met die Gólgota in Sy gedagte, met die sondes van

die wêreld op Sy skouers, met skreeuende skare aan weerskante, het 'n arme, ongeleerde bedelaar, die geloof wat daardie man gehad het, Hom in Sy spore gestuit. En Hy draai om, kyk na hom, en sê: "Wat wil jy doen?"

Toe het hy gesê: "Here, dat ek . . . "

"Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen?"

Gesê: "Ek my sig mag ontvang."

Hy het gesê: "Jou geloof het jou genees."

115 Ek kan Hom sien soos Hy omdraai, verder op met die pad; ou blinde Bartiméüs wat daar staan, en sê: "Hy het vir my gesê ek is genees?" Sien hoe hy na sy hand probeer soek. Gesê . . .

O, ek kan party van hulle hoor sê: "Daar is niks anders aan jou nie. Jy—jy's—jy's nie anders nie."

116 "Maar, maar, maar Hy het vir my gesê. Hy het vir my gesê ek . . . " Naderhand het hy . . . het die daglig om hom begin breek. Voor jy jou kom kry, kon hy sy hande sien. Hier kom hy in die pad op, aan die skree, en uitroep, en die Here loof. Sy geloof het hom genees. Sy geloof was so groot dat dit Jesus van Násaret gestop het en 'n—'n gesprek met Hom gevoer het.

117 En as 'n blinde bedelaar, sonder selfs genoeg klere, kwalik, om sy vel te verberg kon stop . . . 'n, miskien, 'n man wat nie eers sy eie naam kon teken nie, as sy geloof Jesus van Násaret in 'n skare mense kon stop wat uitroep vir Sy Bloed, met 'n las op Sy hart, en wetende dat die dood vir Hom voorgelê het op Gólgota, hoeveel te meer behoort jou geloof Hom te stop, vanaand, en Hom te bring na jou individuele behoeftes. Halleluja!

118 O, goeiste. Ek het 'n storietjie gelees oor hom, nie lank gelede nie. Miskien het ek net 'n oomblik of twee daarvoor. Hulle het gesê dat hy 'n dogtertjie gehad het. Hy het haar nog nooit gesien nie. En hy het altyd gebid dat hy daardie dogtertjie sou sien.

119 En hulle sê vir my dat blinde Bartiméüs 'n—'n paar duifies gehad het wat betowerinkies gedoen het. Hy moes iets doen om die aandag van die mense te trek, verbygangers. Waar soveel bedelaars is, kry hulle glad nie enig—enigiets nie. Maar as hulle hierdie duifies kon kry om bollemakiesies te doen oor mekaar wat . . . (Nou, die storie was dalk net fiksie.) . . . bollemakiesies doen oor mekaar, wel, sou dit die mense laat stop en hulle sou die duifies dophou, dan sou hulle dink: "O, wel, gee vir hom 'n muntstuk." Julle sien? En dis hoe hy dit gemaak het, sy lewe.

120 En so het hulle gesê sy vrou het een aand siek geword, en hy het uitgegaan en gebid, en hy het gesê: "God, ek het niks. Ek's 'n arm bedelaar. Maar as U net my vrou sal laat gesond word, sal ek—ek môre vir U hierdie twee tortelduifies gee vir 'n offerande." So sy vrou het gesond geword, en hy het sy woord gehou.

121 Gesê dat, nie lank daarna nie het sy dogtertjie siek geword, baie siek, tot die dood toe siek. En gesê die ou blinde bedelaar het die meeste van die aand gehuil. En gesê hy het uitgegaan en gaan bid, en hy het gesê: "Here, ek het niks anders om vir U te gee nie."

122 Maar deesdae, het ons honde, julle weet, wat die blinde mense lei. Hulle sê hulle het toe 'n lam gehad, dat hulle 'n lam sou inspan en dit oplei om die blinde mense te lei.

123 Hy het gesê: "Here, ek—ek het net een ding oor, en dis my lam, maar as U net sal—as U net my dogtertjie sal genees, en haar nie laat sterf nie. . . Ek het haar nog nooit gesien nie. As U net my dogtertjie sal laat lewe, belowe ek—ek U, sal ek môre my lam vir U gee as 'n offer."

"Wel," hy het gesê: "die Here het sy dogtertjie genees."

124 Die volgende dag op sy pad om die lam te neem na die offerande, op na die tempel om dit te laat offer, gesê, het Kajafas die hoëpriester teen die muur gestaan, en hy het gesê: "Blinde Bartiméüs, waarnatoe gaan jy?"

125 Hy het gesê: "O, hoëpriester, dit jou stem?" Hy het gesê: "Ek gaan na die tempel om hierdie lam te offer. God het my dogtertjie genees, en ek het Hom belowe ek sou vir Hom hierdie lam gee."

126 En gesê, die hoëpriester het gesê: "O, blinde Bartiméüs, jy kan nie daardie lam offer nie. Hier, ek sal vir jou 'n bietjie geld gee, en dan gaan koop jy 'n lam by die mark daarbo en offer *daardie* lam."

Hy het gesê: "O, hoëpriester, ek het nooit vir God *'n* lam belowe nie; ek het Hom *hierdie* lam belowe."

127 Hy het gesê: "Maar, blinde Bartiméüs, jy kan nie daardie lam gee nie. Daardie lam is jou oë. Dis al oë wat jy het, blinde Bartiméüs. Jy kan nie daardie lam gee nie. Dis jou oë."

Hy het gesê: "O, hoëpriester, ek sal my belofte teenoor God hou, en God sal 'n Lam vir blinde Bartiméüs voorsien."

128 Dit was 'n koue dag. Maar toe daardie geraas langs die gebou gekom het, het God 'n Lam vir blinde Bartiméüs se oë voorsien.

129 My dierbare vriend, daardie selfde Lam is vir jou voorsien vanaand. As jy sondig is, en jou oë is nog nooit geopen vir die Lig van God as 'n geredde man, of vrou, seun, of dogter nie, is daardie Lam vir jou geoffer vanaand. As jy siek is en gereed om te sterf, en jou dokter het alles gedoen wat hy kon, die man het gedoen wat hy kan, maar daar's 'n Lam vir jou siekte vanaand.

En laat ons ons hoofde buig terwyl ons met hierdie Lam praat.

130 O, God, daar word vir ons in die Bybel geleer dat daar Een gesit het op die Troon van die Heerlikheid, Wat 'n Boek gehad het wat aan die agterkant verseël was met Sewe Seëls. En die profeet

het gehuil, want daar was niemand waardig om die Boek te neem en die Seëls los te maak nie. En daar het 'n Lam opgekom, Een wat geslag was van die grondlegging van die aarde af. En Dit was waardig om die Boek te neem en die Seëls los te maak, daardie Lam van God.

131 Ek kan my net voorstel, toe blinde Bartiméüs geweet het Hy het gestop, op 'n manier, of, in die Teenwoordigheid ingekom het van Sy voorsiende Lam: Ons sien hom nou, wat nie probeer om sy jas op te vou en dit netjies neer te sit, sodat hy, as hy dalk nie sy sig kry nie, wel, hy in staat sal wees om dit te vind nie. Daar word vir ons geleer hy het sy klere afgewerp. Hy het geweet hy sou dit weer vind, net sodra hy by die Lam kon uitkom.

132 O, kom, Lam van God. Verwyder blindheid van mense se oë, vanaand, wat vertrou omdat hulle by die kerk aangesluit het of iets fisies wat gebeur het. God, laat die liefde van God in hulle harte instort. Skenk dit, Here. Neem alle kliptoestande weg en laat Goddelike liefde instort in hulle hart deur daardie Lam, vanaand. En genees die siekes. Want ons vra dit in Sy Naam.

133 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, wonder ek of daar een hier is, vanaand, wat miskien rondkruip in kerkduisternis, sonder om te weet waarnatoe om te draai, om 'n Metodis te word, of 'n Presbiteriaan te bly, of Pinkster, of jy weet net nie wat om te doen nie? Wil jy nie hê Hy moet vir jou jou geestelike sig gee vanaand deur jou te seën en al jou twyfel weg te soen nie?

134 As jy 'n sondaar is, hier, en onthou wil word in gebed, steek net jou hand op na God terwyl almal nou bid. En ek sal vir jou bid, en die res, die gemeente, sal ook. Sal jy jou hand opsteek, iemand wat Christus nodig het vanaand en weet dat jy Christus nodig het? Sal jy jou hand opsteek? Ek ken nie jou hart nie; God wel. Maar die Lam wat by Jérigo verbygekom het daardie dag . . .

135 God seën jou, daaragter, my dierbare broer. God seën jou, ja, en jou, my suster. Sal iemand anders jou hand opsteek? Dis . . . God seën jou, my suster. Ek sien jou daaragter. En God seën jou, my broer, wat naby die paal sit, daar. God seën jou aan my linkerkant hier, ja, wat naby die paal sit daar oorkant, weer, nog 'n man.

136 "Jesus, U Seun van Dawid, wees my genadig. God, ek weet ek—ek mag . . . hierdie mag my laaste nag op aarde wees. Ek moet U ontmoet. Ek het dit afgeskeep. Ek is regtig nie seker van my siel se verlossing nie. Ek wil hê U moet my onthou, God, net nou, dat ek—ek in hierdie diens wil hê U moet my red, vanaand, en regtig my hart regmaak, sodat wanneer die dood my wel tref, en ek my pols teen my mou voel opkom, en ek teen 'n doodskussing vasdruk, die dokter van die deur af wegloop, en sê: 'Daar's niks meer wat gedoen kan word nie, hy's gedaan,' of 'sy's gedaan,' my geliefdes die kamer in trane verlaat, die dood se koue mis deur

die kamer trek, God, wil ek U die vallei van die doodskadu sien verlig. Ek wil hê U moet dit nou regmaak."

137 Sal jy jou hand opsteek, iemand wat nie hulle hand opgesteek het nie? God seën jou, my broer. Ja, meneer, amen, broer.

138 Julle weet, drie-en-twintig jaar gelede, het ek dit afgehandel. Ek was sedertdien gelukkig gewees. Ek het vir die Here gesê ek—ek wil nie enige probleem by die rivier hê nie. Elke dag neem ek opname van myself. Ek wil nie enige probleem hê nie.

139 Dit gaan verskriklik wees op daardie môre: al die gille en krete wat julle ooit gehoor het; ryk manne wat hulle geld in die strate gooi; reënboë wat in die lug flikker; weerlig wat flits; donderweer wat slaan; die maan wat in bloed verander, en uitdrup soos donker bloed wat val; die son wat weier om te skyn; die rotse wat dreun; atome wat oral ontplof; vuur wat val. Huh-uh. Dan wil ek geen probleme hê nie. Ek wil seker wees daarvan. Ek wil sommer nou seker maak, want, jy weet, hierdie mag die laaste uur wees wat ek hier is, of jy, enigeen. Dan is dit alles verby. Soos die boom leun, is hoe dit val.

140 Sal daar nog een wees, net voor ons nou afsluit en bid? Jy weet, God ken jou hart. Moenie op teologie vertrou nie. Moenie op kopkennis vertrou nie. As jy nie 'n ware ondervinding met God gehad het, en weet jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe, daardie Goddelike liefde van God regeer in jou hart nie, moenie enige kans daarmee vat nie, vriend. Onthou, ek sê vir jou in die Naam van die Here, niks anders sal werk nie.

O, jy sê: "Ek verkondig die Evangelie." Dit maak nie saak nie. "Ek het duiwels uitgedryf. Ek het genesingsdienste gehou." Dit maak nie saak nie.

141 Jesus het gesê: "Baie sal na My toe kom op daardie dag: 'Here, het ek nie in U Naam gepreek, geprofeteer nie? Het nie, in U Naam, duiwels uitgedryf en baie magtige dinge gedoen nie?" Hy sal sê: "Gaan weg van My, julle werkers van ongeregtigheid. Ek het julle nooit geken nie."

Beter seker wees. Net voor ons bid, nog een keer, enige hande wat nog nie opgegaan het nie, sal jy jou hand opsteek vir gebed?

Goed. Sal ons . . .? God seën jou, moeder, God seën jou. Ek sien jou hand. Dis reg. Bid nou net.

142 Barmhartige Hemelse Vader, daar was sommige jonges en oues, albei, met hulle hande op. Kom nou verby, sal U nie, Jesus? Spreek nou net vrede diep onder in hulle harte. Hulle kon nie hulle hande opgesteek het as U hulle nie gesê het om dit te doen nie; maar hulle het dit gedoen. En U het in U Woord gesê: "Hy wat My Woord hoor, en in Hom glo wat My gestuur het, het ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie; maar het oorgegaan uit die dood na die Lewe."

143 Ons weet dat, net nou, die transformasie van donker skaduwees van die dood, wat voor die aangesig van hierdie mense gehang het, nou terugbeweeg, en hoop kom, nie met die fisiese oog nie, maar in die geestelike oog, dat hulle gedoen het dit wat reg is en Christus nou aanvaar het, as hulle Verlosser. God, ek bid dat al hulle duisternis sal wegvlug, en die versoeker, twyfelaar, se mag verbreek sal word, en hulle in Christenlewe en Lig sal lewe die res van hulle dae, en Tuis sal kom na U in vrede aan die endtyd.

144 God, skenk dat oorkant in die ander wêreld, dat een nag, eendag, liewer, want daar sal geen nag wees nie, dat ek hulle sal ontmoet, indien nie hier op aarde nie, daar sal gaan sit in die Koninkryk, waar Moody, en Sankey, Finney, Knox, Calvyn, Paulus, Petrus, Jakobus, Johannes is, waar baie van ons vriende hier is, Paul Rader, dierbare Broer Upshaw, baie van daardie ander, ou, dapper soldate wat agter die sluier ingegaan het, net agter die sluier ingetree het, hulle—hulle verstaan, mag ek hulle almal ontmoet, en hierdie wat U vanaand aanvaar het.

Tot dan, Vader, hou hulle liefdevol en gelukkig in hulle ondervindig met U, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

Wens ek kon sing. Daardie pragtige lied . . . ? . . . [Leë kol op band—Red.] " . . . en die hele nag is verander in dag."

145 Hoeveel het Hom lief met regte Goddelike liefde? Nou, hoe weet jy dit? Hier's een bewys: omdat julle mekaar liefhet. Dis reg. Ons weet ons het oorgegaan van die dood na die Lewe wanneer ons ons broers liefhet. Jesus het gesê: "Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, wanneer julle . . ." 'n Lidmaat van 'n kerk word? Nee, nee. Uh-uh. Wanneer julle uitroep? Nee, nee. Wanneer julle in tale praat? Nee, nee. Wanneer julle genesingsdienste hou, die Evangelie verkondig? Nee, nee. "Wanneer julle mekaar liefhet."

146 Vriende, ek's nie meer 'n seuntjie nie. Ek het baie toetse gesien, maar ek het nog nooit iets gesien wat liefde kan oorwin nie. Dit neem net alles uit die pad uit. Liefde oorwin wilde diere. Liefde oorwin. Dis net die grootste oorwinningskrag wat daar is, want dis God.

147 Weet julle hoekom kan ek julle help? Is omdat julle my liefhet en julle my glo. Julle my nie geglo het nie, maak nie saak watter werke God deur my sou doen nie, sou julle steeds niks baat nie. Weet julle dit? Dis my sukses met die Here: die mense is lief vir my en ek is lief vir hulle. En dis waar die sukses vandaan kom. Anders, as dit nie was . . .

148 Kyk na Jesus. Hy het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, moet My nie glo nie. Maar as Ek die werke van My Vader doen, glo dan om die werke se ontwil." Sien?

149 Nou, daar was 'n vrou wat Sy kleed aangeraak het, genees is. 'n Blinde man het uitgeroep na Hom en is genees. Maar daar was

’n Romeinse soldaat wat nie geglo het Hy was ’n Profeet nie, en ’n klomp Jode wat dit nie geglo het nie. Hulle het ’n lap om Sy gesig gesit, en hulle het Hom op die kop geslaan, en gesê: “Nou, jou profeteerder, sê vir ons wie jou geslaan het. As jy al hierdie dinge weet, sê vir ons wie jou geslaan het en ons sal jou glo as jy ons nou sê.” Hy het nooit Sy mond oopgemaak nie.

150 Nee, die werke van God is nie gemaak om mee af te wys nie. Jesus het nooit tóé gekom om af te wys nie; Hy kom nie nóú om af te wys nie. Satan het Hom probeer versoek, gesê: “Doen ’n wonderwerk. Laat ek jou dit sien doen.”

Het julle nie die mense dit hoor sê nie? “Laat ek jou iets sien doen. Laat ek jou sien.”

151 ’n Man het, nie lank gelede nie, onwetend, ’n broer, toe ek oorkant in Arkansas gepreek het, gesê: “Ek sal, vir een fisiese bewys dat een persoon ooit genees is, Goddelike genesing, sal ons eenduisend dollar betaal, ons kerk.”

152 So, ek het net gegaan en ’n klomp dokters gekry en omtrent vier kankergevalle wat genees is, en die dokter so gesê het, en dit reguit na sy huis toe geneem. Ek het gesê: “Ons sal dit net oorstuur na oorsese sendingstasies.”

Toe ek by die deur gekom het: “O,” het hy gesê: “is jy Eerwaarde Branham?”

Ek het gesê: “Ek is.”

153 Hy het gesê: “Wel, nou, jy moet hier êrens na Texas toe gaan, en ons sal ’n dogtertjie neem, en ek wil hê jy moet onder my broers ingaan,” gesê: “ek het nie die geld nie.”

154 Ek het gesê: “Nee, ek het dit kom haal. Hier’s die mense wat die dokters opgegee en gesê het kanker gehad het, en ons het vir hulle gebid, en Jesus het hulle genees. Nou, jy het op die radio gesê dat dit is wat jy sou gee. Nou, gee dit vir ons.”

155 Ek het gesê: “Hier’s een van hulle, was ’n Mayo’s se verpleegster, een van Ma-. . . Dokter Mayo, van Mayo Kliniek, een van hulle verpleegsters. Ons wil die duisend dollar hê.”

156 Hy het gesê: “Wel nou, ons sal hiernatoe gaan, en ons sal ’n —’n persoon neem, ’n dogtertjie, en ek sal haar hand met ’n mes sny, en dan hou jy dit voor my broers, en genees dit, en dan sal ons dit glo.”

157 Ek het gesê: “Broer, jy is die een wat genesing nodig het van ’n geestes-afwyking.” Ek het gesê: “Dit—dit is regtig. . . ” Ek het gesê: “Iemand wat selfs aan so-iets sou dink, daar’s iets verkeerd *hier*bo.” Sien? Dis. . . Ek het gesê: “Dis dieselfde ou gees wat gesê het: ‘Kom van die kruis af en ons sal jou glo.’”

Dieselfde ou gees het gesê: “Doen ’n wonderwerk hier voor my, en ons sal jou glo.”

158 Ek het gesê: "Broer, jy's . . . Ek bid dat God . . . Ek het jou lief, en dis nie skynheilig nie." Ek het gesê: "Maar ek het jou lief, en ek bid dat God eendag jou sondige siel genadig sal wees."

Gesê: "Ek sondig nie."

Ek het gesê: "Wat is sonde? *Sonde* is 'ongeloof.'" Dis die enigste sonde wat daar is, is ongeloof. Ek het gesê: "Dis beslis sonde."

159 Nou, laat ons nie sondaars, ongelowiges, wees vanaand nie, maar kom ons gooi ons geloof bymekaar en glo met ons hele hart. Sal julle dit doen terwyl ons bid vir die volgende vyftien of twintig minute? Goed.

160 (Gee hulle steeds A's? O.) F's, het F gebedskaartjies uitgegee. Ek het gedink, paar dae, was 'n paar honderd van hulle. Goed, ons verander dan vanaand na gebedskaartjie F. (Hoeveel het jy gegee? Honderd?) 'n Honderd F's. Kom ons begin by—kom ons begin by twintig vanaand. Wie het F, twintig? Kyk of ek . . . Almal . . . F, twintig? Een-en-twintig? Wie het F, een-en-twintig? Steek jou hand op. Kyk of ons nou reg is.

Kyk na jou buurman se kaartjie. Hulle mag doof wees, dalk stom wees. Kyk na daardie kaartjies op die beddens, ensovoorts.

En het jy 'n gebedskaartjie, dame? Ja, goed. Het jy 'n gebedskaartjie daar? Goed.

161 F, een-en-twintig, twee-en-twintig, drie-en-twintig, vier-en-twintig, vyf-en-twintig, ses-en-twintig, sewe-en-twintig, agt-en-twintig, nege-en-twintig, dertig. Nou, laat hulle eerste oplyn, net hier. Goed.

162 Goed, terwyl hulle kom . . . Nou, kyk rond. As dit enigiemand is wat nie kan opstaan nie, wel, steek jy—jy net jou hand op en ons sal die plekaanwysers kry om hulle hiernatoe te dra. Sien?

163 Goed, nou, dis, ek dink, twintig tot dertig. Nou, een-en-dertig, twee-en-dertig, drie-en-dertig, vier-en-dertig, vyf-en-dertig, laat hulle nou volgende kom. Goed, dit sal twintig tot vyf-en-dertig wees. Nou, laat hulle eerste staan, nou: F, twintig tot F, vyf-en-dertig. Nou, ons kyk hoe hulle sal oplyn. Miskien kan ons nog kry en nou uitvind.

164 Nou, wil nou julle onverdeelde aandag hê vir die volgende paar oomblikke. Luister nou, dierbare vriend, hierdie is jou diens. Nou, ek, vanaand, deur hieroor te praat, na die verduideliking van die genesingsdienste . . .

165 Onthou nou, ek glo nie dat daar enige deug in enige mens is om iemand te genees nie. Ek glo nie dat daar enige krag is wat enige individu het om iemand mee te genees nie. Ek glo daar is twee dinge wat nie gedoen kan word nie: dat niemand sondes kan vergewe of siektes genees nie. Onthou dit. Niemand kan dit doen nie, want Jesus het dit alreeds op Gólgota gedoen, en jy aanvaar

dit as jou persoonlike geloof in Sy voltooide werke. Glo julle dit? Sê: "Amen." [Gemeente sê: "Amen."—Red.] Sien? Jy . . .

166 Nou God het 'n paar tekens in die kerk geplaas. Eerstens, 'n prediker; dis die beste teken, wat die Woord te preek. As dit ek sou wees, as julle nie my woord daarvoor kon neem nie, sou dit dit afhandel, maar nie ons Vader nie. Dan, plaas Hy ander in die kerk. Na predikers, plaas Hy leraars, Hy plaas profete, Hy plaas gawes van genesing. Dit beteken nou nie om te genees nie; dit beteken geloof hê in genesing. Julle sien?

Net soos prediking, op dieselfde manier. Dis geen krag om mee te genees nie. As jy aanspraak maak dat jy krag het om mee te genees, dan neem jy dit weg van Gólgota.

167 Ek glo as jy daarop aanspraak maak, broer, vir my . . . As ek verkeerd is, vergewe julle my. Maar die manier wat ek die Skrif sien, is dat dit alreeds volbring is. Hoe kan . . . ?

168 'n—'n Broer in die Christen Sakemanne het vir my hierdie pak gekoop en gegee. Dit is betaal. Hy het dit omtrent 'n jaar gelede vir my gegee, voor ek oorsee gegaan het. Gesê: "Billy, jy het 'n pak nodig." Myne se kraag was verslete. En hy het hierdie pak gekoop en vir my gegee.

169 Nou, dis nie nodig dat enigiemand daarvoor betaal nie. Dis alreeds betaal. Dis myne as 'n geskenk, nie waar nie? En dit is hoe verlossing is, en dis hoe genesing is. "Vir ons ongeregtighede is Hy verbrysel; deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom." Is dit reg?

170 Nou, hoeveel . . . ? (Is hulle almal op? Ja? Almal daar? Goed, wil julle nog hê, of is dit . . . ?) Wel, dit maak nie saak hoeveel staan nie. Ons . . . Dis nie die idee nie. Die rede daarvoor is, vriend, is om die Heilige Gees onder die mense te laat beweeg.

171 Nou, kyk, hier staan 'n dame hier. Hierdie is 'n Goddelike gawe. En dis, hier is 'n dame wat hier voor my staan. Sy is 'n totale, algehele vreemdeling vir my. Ek het haar nog nooit in my lewe gesien nie. Is ons vreemdelinge vir mekaar, suster? Ons is beslis.

172 Nou, plaas jouself hier. Nou, eers kan ek jou vertel met die Bybel, dit is God se Ewige Woord, en dit is Waarheid. En enigiets wat teenstrydig is Daarmee, is nie van God nie, volgens my opinie. Dit moet Hierdie wees; Hierdie is die grondslag. Dis God se Woord, eerste.

173 Goed, dan, tweedens, het Hy predikers wat kom en hierdie Woord preek, wat Dit verstaan, en die mense vertel. Dan, volgende, plaas Hy profete in die kerk. Profete is sieners wat dinge vooruit sien, en dinge vertel wat gebeur. En dis alles deur God se Gees.

174 En toe Jesus hier op aarde was, aan die nuwelinge, het Hy nooit aanspraak gemaak om 'n geneser te wees nie. Hoeveel weet

dit? Steek jou hand op. Hy het gesê: "Ek is nie die geneser nie." Hy het gesê: "Ek—ek . . . Dis nie Ek wat die werke doen nie. Dis My Vader wat in My woon. Hy doen die werke." Is dit reg?

175 En Jesus het gesê: "Voorwaar, voorwaar . . . " Johannes 5:19: "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Die Seun," (die liggaam) "Ek kan niks doen nie," (Die Seun, Sy Gees) "Ek kan niks uit Myself doen, tensy die Vader in My vir My wys nie." Sien? "En wat die Vader vir My wys deur visioen, dit gaan doen Ek." Is dit was Hy gesê het?

176 "Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle, Die Seun kan niks uit Homself doen nie, maar wat Hy die Vader sien doen, dit doen die Seun ook net so"; toe Hy ondervra is hoekom hulle almal daaronder by Betésda nie genees is nie, net een man genees het wat op 'n bed gelê het.

177 Kyk daar. En Jesus het geweet hierdie man was daar, en was daar, en 'n lang tyd in hierdie toestand. Is dit reg? Hoeveel weet die Skrif sê dit? Jesus het geweet hy was daar—was daar . . . Sekerlik, hoe het Hy dit geweet? Die Vader het vir Hom gewys.

178 Daar het kreupeles gesit, en blindes, en gebreklikes, en verlamdes, en beproefdes, Jesus wat reg rondom hulle geloop het tot Hy daardie man gevind het, wat God vir Hom gewys het. Daar was hy. Gesê: "Wil jy gesond gemaak word, meneer?"

Hy het gesê: "Ek het niemand om my in die water te sit nie." Gesê: "Iemand kom voor my daar."

Gesê: "Neem op jou bed en gaan na jou huis toe."

179 Hy het glad nie bevraagteken nie. Net sy bed opgetel, dit op sy skouers gesit, begin, krag het begin inkom, en daar het hy gegaan. Jesus het weggestap en die res van hulle agtergelaat, want die Vader het Hom nie nog gewys nie. Sien?

180 Die vrou by die put . . . Hier is dit weer, 'n vrou vanaand om mee te begin. Nou kyk, sy's 'n vrou, ek, 'n man. Nou, ons het mekaar nog nooit in ons lewe ontmoet nie. Nou kom ons kyk of hierdie Skrif is.

181 Nou, Jesus het gegaan en gaan sit op 'n put. Die Vader het Hom na die put toe gestuur. Hy het nie geweet nie. Dis al wat Hy geweet het: Gaan na die put toe, bo, pad na Samaría.

Nou, die Vader, God . . . Glo julle nie dat Hy in ons werk nie? Het Hy nie gesê Hy sou dit doen nie? "Dieselfde dinge wat Ek doen, sal julle ook doen."

Hy gaan soontoe en gaan sit by die put. Wel, dis wat die Vader vir Hom gesê het om te doen.

182 Die Vader het my gestuur na die San Fernando Vallei, in Kalifornië, in hierdie tentdiens. Ek het net hiernatoe gekom. Dis al wat ek weet. Ek's net hier. Daar staan 'n vrou.

Wel, daar het 'n vrou uitgekom om water te skep, so Jesus het met haar begin praat. Hy het gesê: "Bring vir My water om te drink."

Sy het gesê: "Dis nie gebruiklik vir julle Jode om vir Samaritane so-iets te vra nie, ons het niks in gemeen nie."

183 Terwyl hulle gesprek voortgegaan het, aangehou praat het, tot Jesus presies uitgevind het wat haar probleem was. Hy het gesê: "Gaan, kry jou man."

Sy het gesê: "Het nie een nie."

Gesê: "Dis reg. Jy het vyf."

184 Sy het gesê: "Ek sien dat U 'n Profeet is." Sy het gesê: "Nou, ons weet, ons Samaritane, ons weet wanneer die Messias kom, dat Hy vir ons alles sal vertel." Maar sy kon nie verstaan Wie Hy was nie. Gesê: "U moet 'n Profeet wees."

185 Jesus het vir haar gesê dat Hy die Messias was. Is dit reg? En toe Hy dit gedoen het, het sy in die stad ingehardloop en vir die mense vertel, gesê: "Kom hier en sien 'n Man. Ek het daarbuite gestaan, net gegaan om 'n bietjie water te skep, en die Man het vir my die bose ding vertel wat ek doen," of hoe sy dit ook al uitgedruk het. Gesê: "Is dit nie die einste Christus nie? Is dit nie die teken wat die Christus moes wees nie?"

186 Nou, wat het die groot kerk in daardie dag van Hom gedink? Wat het hulle gesê was Hy? "Beëlsebub, die duiwel, die hoof van al die fortuinvertellers en alles anders wat boos was."

Maar wat het sy gesê was Hy? "Die Messias." Sy het geweet dit was die teken van die Messias.

En as Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid, is dit steeds die teken van die Messias. Dis reg.

187 So, nie ek nie, ek's net 'n man, wat . . . En jy's net 'n man, vroue. Sy's net 'n vrou; ek 'n man. Maar die Messias, die verrese Jesus, Wat gesê het: "Hierdie dinge wat Ek . . . Klein tydjie en die wêreld sien My nie meer nie (die ongelowiges), maar julle sal My sien, want Ek sal met julle wees tot aan die einde van die wêreld. En dieselfde dinge wat Ek doen, sal julle ook doen." Wat? Soos die Vader wys, net uitgespeel in 'n drama.

Nou, soos ek dit gisteraand verduidelik het hoe visioene soos hierdie, ondergeskik is. Die hoofvisioene is wanneer Hy Homself toon. Maar hierdie is ondergeskik.

188 Nou, ek gaan julle almal vra, as julle sal, om baie eerbiedig te wees en ek gaan vir julle 'n voorstel maak. Ek sal eers na die ry kyk. Ek glo nie . . . Al julle mense, niemand van julle ken my nie, nie waar nie? Net, ek, ken my . . . Steek julle hand op as ons vreemdelinge is, julle almal in die gebedsry daar, steek julle hande op as ons almal vreemdelinge is. Goed.

189 Hoeveel daarbuite het nie gebedskaartjies nie, en tog wil julle genees word, en ons is vreemdelinge vir mekaar? Laat ons julle hande sien opgaan, oral.

190 Goed, glo net. Onthou nou, die blinde Bartiméüs wat geloof deur die Here Jesus kon trek; die vrou wat Sy kleed aangeraak het.

Nou as Jesus sal kom en net hier sal optree, wat net hier, sigbaar voor julle wat ek verklaar . . .

191 En as iemand my plek wil inneem en hier opkom, is jy welkom by die mikrofoon. Goed, kom af in die gebedsry. As jy nie dink dis reg en van God nie, wel, kom vat die mikrofoon. Jy is welkom.

192 Nou, maar, hier, as dit is, en ek die Waarheid praat, en ek vir julle die waarheid vertel van Christus, dan as ek van Hom praat en die waarheid praat, is Hy verplig om terug te praat en te sê dat ek die waarheid vertel het.

193 Dan, het julle 'n reg om my nou te betwyfel. Maar as Hy doen wat ek gesê het Hy sal, dat Hy opgestaan het uit die dood en dieselfde doen, dan as julle dan nie glo nie, dan moet God julle sondige siel genadig wees. Dis al wat ek—ek weet.

194 Nou, as Jesus dieselfde ding sal doen met hierdie vrou hier, sy wat weet ons het nog nooit vantevore in die lewe ontmoet nie, as Hy dit sal doen, en weet waarvoor sy hier is, soos wat Hy geweet het wat die vrou, daarbo, makeer het, sal elkeen van julle, met eensgesindheid en eendragtigheid, die Here Jesus Christus glo, en glo dat Hy julle vanaand sal gee, net waarvoor julle gekom het? Sal—sal julle dit doen? Steek jou hand op. Ek wens elkeen van julle wat dit regtig geglo het, sou jou hand opsteek. Hy kyk na julle. Amen. God seën julle.

195 Nou, Hemelse Vader, ek—ek weet nie van meer om te doen met al die kennis wat ek het—het, en ek het niks wat nie van U af kom nie. En ek bid, Vader, dat U net nou sal beweeg oor hierdie gehoortjie, en mag die Engele van God net naby inbeweeg vanaand.

196 Dis 'n koue aand. Hulle het lank gely, deur hier in die koue te sit. Beloon hulle, Here, deur elkeen te genees. Skenk dit, Here. Mag hierdie 'n nag wees wat elkeen genees sal word.

197 En nou, Vader, stuur die Engel van die Here en staan hier by U nederige dienskneg en salf my. Ek . . . U . . . U weet Here, ek ken nie hierdie mense nie. Hulle is vreemdelinge vir my. Maar U ken hulle wel. En ek bid dat U my sal help, Here, en vir my die einste dinge sal gee waarvoor die mense hier is, dat hulle mag weet dat U opgestaan het uit die dood, en hier lewe vanaand, en gewillig om hulle te help; en U gesindheid teenoor hulle, vandag, as U opgestaan het uit die dood en Uself bewys in krag, dan is U gesindheid dieselfde as wat dit in daardie dag was. Skenk dit,

Vader, en seën ons en vergewe ons ons sondes. In Jesus' Naam bid ons. Amen.

198 Nou, wees almal net eerbiedig. Ek glo hier's 'n sakdoek waaroor miskien gebid moet word. Dit gaan na 'n dame toe. En hier's nog een, miskien dieselfde ding. En ek sal hieroor bid, en dis net 'n individuele brief aan my.

Ons Hemelse Vader, seën hierdie sakdoeke vir hulle bestemde doel. In Jesus' Naam, vra ek dit. Amen.

199 Nou, nou suster, bly jy net reg . . . Dis alles reg, julle kan haar net daar laat bly. Afstand het niks daarmee te doen nie. Die enigste rede hoekom ek hiernatoe kom, is omdat ek—ek jou probeer uitsonder van die hele massa mense om kontak met jou te maak.

200 Jesus het selfs Sy dissipels weggestuur toe Hy met daardie vrou moes kontak maak. Sien? Jy ooit die storie gelees? Wonder of jy ooit gedink het of jy kon staan waar daardie vrou gestaan het. Sou dit nie wonderlik gewees het nie? Jy het altyd gedink jy—jy . . . dit sou wonderlik wees.

201 As jy net geweet het, my dierbare suster, jy staan op dieselfde plek. Um-hum. Dis reg. Jy's bewus, as 'n gelowige nou, dat iets aangaan. Net vandat ek omgedraai het na *hierdie* kant toe en begin praat het, het 'n baie, liefdevolle, nederige gevoel oor jou gekom. Is dit reg? As dit is, steek jou hand op na die mense. Dis reg. Want tussen jou en my, jy het waarskynlik nog nooit die foto daarvan gesien nie, draai daardie Lig net tussen jou en my.

202 Nou spoedig, as God wil, sal Hy wees . . . Miskien is jy net in die drie dimensies. Hierdie is 'n ander dimensie. Dit beweeg in op my. Maar dis 'n Gees. Julle sien? Dis in 'n ander wêreld.

203 Mense, hulle is nie weg nie, hulle is—hulle is naby ons; Engele en al die res. "Die Engele is . . . van God trek 'n laer om hulle wat Hom vrees."

Onthou julle vir Elisa onder by Dotan daardie môre, toe die seun gesê het: "O, die S- . . . die leërs van die Siriërs is op ons."

Hy het gesê: "Daar's meer by ons as wat daar by hulle is." Hy kon niemand sien nie. Hy het gesê: "God, maak hierdie jong man se oë oop."

204 En toe Hy sy oë oopgemaak het, was—was daar om daardie ou profeet Engele van vuur en vuurwaens. Daardie . . . Daar was net . . . Dan is daar meer by ons as wat daar by hulle is.

205 En dis die dimensie nou, deur gebore te wees. Miskien sal jy nooit (Sien?) so-iets sien nie. Maar glo jy dit in elk geval. "Hoeveel groter is hulle beloning wat nooit gesien het nie, en steeds geglo het." Maar party van ons is gebore daarvoor. God plaas dit in die kerk, van babageboorte af. Profete word nie net ingesit deur die mens nie; dit word as 'n gawe gebore; regdeur die Skrif, gebore van kinds af.

206 En nou, 'n dame wat voor my staan . . . En ek . . . As die gehoor my nog kan hoor, die Engel van die Here daal neer. En ek weet ek word iewers gehoor. Maar sy ly aan 'n . . . wat sy dink 'n gebreekte rib is. Dis in haar sy. Sy het 'n knop in haar sy of 'n knoop van 'n aard. En dit is veroorsaak deur sand wat 'n . . . iets getref het wat haar getref het. En dit het dit laat gebeur. Is dit reg?

207 Nou, ek weet nie wat ek gesê het nie. Maar dit was nie ek wat dit gesê het nie. Dit was Iets anders wat dit gesê het. Maar was dit waar, wat dit ook al was? As dit was, steek jou hand op.

208 Nou, jy weet dat Iets bo die mens hier is. Is dit reg? Want jy weet of dit waar was of nie. Jy's 'n getuie daarvan. En as dit waar is dat . . . Sy het haar hand opgesteek na die gehoor dat dit waar is. En die vrou, wat hier staan met die Bybel wat voor ons lê, julle weet sy sou nie iets verkeerd sê nie, en 'n Christenvrou, ook, bowendien. Dis waar.

Wat is dan hier? Jesus van Násaret, wat opgestaan het uit die dood. Dis Sy Gees wat beweeg.

209 Nou, kom hier, suster. Wat dit ook al was, as . . . Jesus het hierdie woorde gesê, toe Hy . . . laaste ding wat Hy gesê het toe Hy die aarde verlaat het: "Vir dié wat geglo het, sal hierdie tekens volg." Markus 16. "As hulle hulle hande op die siekes lê, sal hulle gesond word."

210 Nou, ek sou 'n gelowige moes wees vir iets om plaas te vind soos wat plaasgevind het, want dis God wat aan jou bewys dat ek 'n gelowige is. Is dit reg? En jy is 'n gelowige, of ek sou nooit in staat gewees het om dit te doen nie. Dit was jou geloof wat dit gedoen het.

Nou, ons wat so na aan God is, wat gebeur dan as ek hande op die siekes lê, wat gebeur? Dit sal gesond word.

211 Nou, ons Hemelse Vader, in gehoorsaamheid aan die opdragte van ons dierbare Here Jesus, lê ek hande op my suster en vra dat Sy Woorde vervul sal word. En wat ook al verkeerd is met hierdie vrou, mag sy gesond wees, in Jesus Christus' Naam. Amen.

212 God seën jou, suster. Gaan, gelukkig en vol vreugde. Nou kyk, vergeet net daarvan. As dit siekte was, iets verkeerd met jou, of as dit iets is wat iemand anders wil hê, wat dit ook al is, vergeet net daarvan, alles daarvan. Dis alles verby; gaan net, en prys God daarvoor. Sien? Dit sal alles reg wees. Amen.

O, Hy's wonderlik. Ek weet julle dink ek's buite myself, maar ek is nie. Nee, nee. Ek's baie bewustelik.

Goed, glo net. Goed, is . . . ? Laat die dame hiernatoe kom. Kom net nader, suster.

213 Nou, ek veronderstel ek en jy is ook vreemdelinge, vir mekaar, nie waar nie? Ek en jy saam, ons is jare uitmekaar in ouderdom, en ons is . . . Maar ons—ons het dieselfde Here Jesus,

het ons nie, suster? Nou, ek ken jou nie, het jou nog nooit gesien nie. Maar Jesus weet alles van jou af.

214 En jy het in die Bybel gelees, waar die profete dit gedoen het, destyds in die Ou Testament. En God het dieselfde ding belowe. En die grootste van al die profete, en al die konings, en Here, en Meester van almal van hulle, was Jesus. Toe Hy hier op aarde was, het Hy net hierdie gedoen, soos, dieselfde ding; net groter. Toe het Hy weggegaan en gesê: "Dieselfde dinge wat Ek doen, sal julle, tot aan die einde van die wêreld." So dis net Jesus in Sy Kerk, nie waar nie? As dit is . . .

215 Nou ek weet nie, en ek kan julle nie genees nie; of jy siek is, weet ek nie. Maar as jy siek is, kan ek jou nie genees nie. Jesus sou jou moes genees, sou Hy nie? En . . . Maar Hy sal as jy dit sal glo. Nou, Hy net . . . Deur te weet . . .

216 Nou, wat as Hy hier gestaan het met hierdie pak aan wat Hy Broer Gardner vir my laat gee het? Nou, wat as . . . ? As Hy hier gestaan het met hierdie pak aan, nou Hy kon nie sê: "Nou, kom hier, Ek sal jou genees," nie. Nee, Hy sou dit nie doen nie. As Hy sou, sou Hy moes teruggaan op Sy Woord. Hy sou sê: "My kind, glo jy nie Ek het dit gedoen toe Ek op Gólgota gesterf het, en Ek jou genesing gekoop het nie?"

Jy sou sê: "Ja, Here."

Dan sou Hy sê: "Laat dit dan vir jou wees volgens jou geloof." Is dit reg?

217 Of, wat as die Vader Hom dalk sou wys, en vir Hom vertel, Hy kon . . . vir jou mag vertel wat verkeerd was met jou of so-iets, kon Hy nie? Hy mag in staat wees om dit te doen, maar dis al wat Hy sou kon doen. Nou, Hy . . . Dis dieselfde ding wat Hy vanaand is, werk nou net deur mense.

218 Nou, glo jy met jou hele hart en Hy sal jou beslis genees. Ek glo Hy sal. En jy, moeder? Glo jy nie Hy sal jou genees nie? Hy sal beslis.

219 Mag God my help om iets te doen om jou geloof op te lig. Ek sien een ding, die vrou, as die gehoor steeds na my luister, daar's 'n skadu rondom die vrou. Sy's baie, baie siek. Sy het probleme in haar nier. Dit is reg. En dis 'n kanker in die nier. En sy het ook artritis, want ek sien haar, sy kan skaars beweeg op tye.

Lyk of die visioen vervaag. Daardie dinge is egter waar, is hulle nie? Hulle is waar.

220 Glo jy nou? Die vrou is die beoordelaar. Lyk of die visioen soort van vaag was. Net 'n oomblik, laat ek weer met haar praat, net vir 'n kontak met jou siel, suster. [Leë kol op band—Red.]

221 Nou, kyk jy net na my vir 'n oomblik. Lyk asof daar iets is wat Hy wil . . . Ek sien jou op 'n manier; jy probeer beweeg, of, kyk, of, nee, dis oor jou arm. Op—op een van jou arms, onder jou arm, het jy 'n plek. Dis die linkerarm. Jesus kan dit ook genees.

Glo jy dit? Dis ’n vergroeisel, wat ’n gewas is, en dis reg onder jou linkerarm. Maar Jesus Christus kan jou gesond maak. Glo jy dit? Kom dan hiernatoe. Glo nou. Sal ons bid?

222 Ons Hemelse Vader, ek lê hande op hierdie vrou, en ek bid dat, soos blinde Bartiméüs daar gestaan het en sy sig ontvang het, mag sy ook, Here, haar genesing ontvang, en hierdie skadu’s van die dood van haar af weggeneem word. Mag sy gaan en gesond wees. Ek bid hierdie seën vir my suster, in Jesus Christus’ Naam. Amen.

God seën jou, suster. Gaan, gelukkig en bly, en dank God, en word gesond.

223 Goed, ons is vreemdelinge vir mekaar, neem ek aan, suster. En . . . Maar God ken ons albei, ken Hy nie? Hy ken ons albei.

224 Nou, as daar enigiets was . . . As ek een of ander soort genesing of iets gehad het . . . Eerste ding, as ek dit gesê het, sou ek verkeerd wees. Ek’s sou onskriftuurlik wees. Maar as ek wel gehad het, sê ek het wel gehad, en as ek ’n dokter was, en ek geweet het wat verkeerd was met jou, en ek dit dan nie sou doen nie, sou ek ’n huigelaar wees; ja, meneer; as ek jou kon help, en dit nie wou doen nie. Maar die enigste ding wat ek kan doen, is net soos Hy my sou vertel. En dis vir geloof, jou geloof in Chri- . . .

225 Iets het toe gebeur; nou, wees almal baie eerbiedig. Iemand het gebid. O, hier is dit. Prys God. Dankie, suster, dat jy gebid het. Ek het jou gebed gehoor. Jesus het ook. Jou shingles gaan jou nou verlaat, wat net daar sit met jou hand op soos *hierdie*, die moeder daar, wat sit met jou hand op. Nou jy . . . Ja, jy kan nou op jou pad gaan en juig; Hy het jou gebed verhoor. Dankie, suster, vir jou geloof in God. Amen. Is Hy nie wonderlik nie, suster? Jou geloof doen dit.

Nou, bly in gebed. En bid jy, suster. Almal van julle, net in gebed.

Nou, die dame wat ’n vreemdeling vir my is; nou, ek net om met jou praat, as Sy dienskneg . . .

226 Dit bly beweeg in die gehoor. Daar’s geloof wat daarbuite styg. Julle sien? Partymaal weet ek nie wat dit is nie; ek moet net maak soos Hy sê. Soos die Gees van die Here begin beweeg, moet ek net beweeg soos Dit saam met my beweeg. Julle sien? Dis alles ’n ding, ek . . .

227 Daar is Hy, bokant ’n vrou wat baie senuweeagtig is, wat net daar sit. En haar man leun oor na haar. Hy ly aan ’n breuk. En hulle bid albei om genees te word. Is dit reg? Julle is man en vrou. Ek het julle albei in dieselfde kamer bymekaar gesien. Goed, sit julle hande op mekaar.

228 Hemelse Vader, in die Naam van Jesus, mag hulle genees word. Hulle geloof, Here, het U aangeraak en gevra dat hierdie moet gebeur. In Jesus’ Naam mag hulle genees word. Amen.

God seën julle, my dierbare broer en suster. Julle geloof het hierdie gedoen, julle geloof alleen.

As julle net kan glo. O, goeiste, is Hy nie wonderlik nie?

229 Daar is nog 'n man en vrou wat net daaragter sit, en die vrou ly aan 'n breuk, wat reguit in lyn met hulle sit. En die man is . . . het 'n gehoorprobleem en het ook aambeie. En hulle sit reg aan die bokant daar, die man en vrou. Julle is genees, albei van julle. Jesus Christus maak julle . . .

230 Jy hoor my nou, nie waar nie, broer? Jou ore het oopgegaan. Prys God. Daar is dit, ons Here Jesus in Sy grenslose genade; daar gesit met geloof; wat doen dit? Dieselfde geloof wat in blinde Bartiméüs was. Julle almal behoort te glo.

231 Dit hang bokant die dame, uh-huh, in die draagbaar. Uh-huh. Ek wonder oor haar geloof. Sy's baie siek: asmatoestand; sy het TB; artritis. Dis reg, nie waar nie, jong dame, jy in die . . .? Dis reg. Moeder, as jy net kon glo, en glo dat ek God se profeet is: Sodra hierdie diens verby is, neem daardie bedjie en slaan dit op en gaan huis toe. Hmm. Hê geloof. Glo.

Nou, dame, net 'n oomblik vir jou. Ek's jammer. Ek moet net beweeg soos Dit beweeg.

232 Moet niemand rondbeweeg nie. Sien? Jy . . . Die Engel van die Here is 'n Lig. Dis 'n Vuurkolom (Sien?) net 'n Lig, 'n smaragkleurige Lig wat brand, en Dit beweeg. En—en jy wat beweeg, partymaal, dis ons, menslike siel. Julle is net almal soort van onder beheer, en as julle beweeg . . . En ek weet net waar die twyfelaars sit; ek weet waar die gelowiges sit. Ek moet net presies dophou. Wanneer dit beweeg, is dit 'n konflik, dis in geeslewe. Uh-huh.

233 Nou, hier, dit—dit lyk asof julle dit kon sien. Ek sien bloed drup. Dis vanaf daardie persoon wat net daar sit, omtrent drie rye agtertoe, wat daar sit, het bloed wat uit die longe drup. Dit het probleme, 'n bloeddrup. Ja, meneer.

234 Nou, glo. Moenie twyfel nie, maar glo, en Jesus Christus sal jou gesond maak. "As julle kan glo, is alle dinge moontlik." Nou, glo jy, suster?

235 Die man wat reg aan hierdie kant daar oorkant sit, ly aan prostaatprobleme, wat reg daaragter sit, soort van na my kyk, soort van 'n bejaarde man. As jy kan glo, my dierbare broer, sal dit jou verlaat en nooit weer terugkom nie. Ek vertrou op God dat jy jou geloof het en met jou hele hart sal glo. Jy sal ontvang waarvoor jy gevra het. Wonderlik!

236 Nou, die dame, ek's jammer, suster, ek moet net . . . Ek sien groot hoë berge voor my opkom, groot hoë berge. Hulle het sneeu oral oor hulle.

237 O, jy is hier vir iemand anders, en daardie persoon woon net by 'n berg. Dis Denver, Colorado. En dit is 'n man, en dis een of

ander familie van jou. En dis 'n—'n ongeredde man; hy is nie 'n Christen nie; dis donker rondom die man. En hy het gehad . . . was in een of ander hospitaal en het 'n breinoperasie gehad. En hulle het die senuwees seergemaak, en hy . . . is 'n balanssenuwee; hy kan nie loop nie. Jy probeer om ra- . . . hy kan nie sit of *so* aangaan nie. En dis jou swaer. Dis presies.

238 Nou, daardie sakdoek, waarmee jy die trane van jou oë afgevee het, stuur dit na hom toe in die Naam van die Here Jesus, en mag hy genees word vir . . .

Glo net. Moenie twyfel nie. Glo, en jy sal ontvang. "As jy kan glo, sal jy ontvang." Die Bybel het gesê dat jy sou.

239 Ek bly 'n Spaanse vrou sien wat in die lug staan, hier regdeur, iewers. Ek kan nie sê waar dit is nie, so bid net, waar jy ook al is. Jy mag selfs agter my wees. Ek weet nie. Maar wees asseblief eerbiedig en sit net 'n paar oomblikke stil.

O, wat 'n wonderlike Here Jesus het ons. Hoe goed, hoe kosbaar is Hy. Hy doen alles goed.

240 Nou, as ek die aandag van die dametjie kan kry, hier, wat voor my staan. Suster, moenie huil nie. Sien? Bartiméüs het miskien gehuil. Maar as jy enigiets nodig het, Jesus is hier om alles te voorsien wat jy nodig het.

241 Nou, ek's jou broer, en ek sal jou net die waarheid vertel, suster. En jy weet dat ek jou nie ken, of enigiets van jou af weet nie. Jy's—jy's bewus daarvan. Is jy, suster? Maar, kan jy nie glo dat ek jou die waarheid van die Bybel vertel nie? Dat Jesus dieselfde is gister, vandag, en tot in ewigheid.

242 Wat as jy in Sy Teenwoordigheid gestaan het? Hy sou van jou geweet het, wat die Vader aan Hom openbaar het. Is dit reg? Die vrou het Sy kleed aangeraak, Hy kon dit net nie sê voor die Vader dit vir Hom gewys het nie. Hy het gesê: "Net soos die Vader My wys, dit doen Ek."

243 Goeiste, wat 'n wonderlike geloof wat in hierdie gehoor beweeg, O, as julle . . . Wanneer ek hier weg is, sal julle mense nog vir weke uitvind julle is gesond. Julle word genees. Ek kan dit net nie sê nie. Dis net oral, blykbaar. Lyk net asof dit net . . . Ek kyk rond, en dit word net oral lig, buite na daardie kant toe. En dan, so 'n geloof, julle word genees. Julle—julle sal dit besef. 'n, Miskien . . . Wag en kyk julle maar net, pastore, of julle mense nie kom, julle sê dat dit hulle—hulle is wat hier genees is, en nie eers hier was, niemand met hulle gepraat het of niks nie. Hulle word in elk geval genees. Jy kan dit net nie sê as dit nou soveel is nie.

244 So miskien met ons suster hier, het jy 'n . . . Ek sien probleme met jou keel. Jy het 'n keelprobleem. Dit is reg. En jy's baie senuweeagtig, ontsteld. En daar het so pas iets met jou gebeur, soos 'n hartaanval. Jy het net onlangs 'n hartaanval gehad, en dit het jou baie swak en snuweeagtig gelaat. Kom hier.

245 Dierbare Hemelse Vader, die Outeur van Lewe en die Gewer van elke goeie gawe, stuur U seëninge op hierdie, U nederige diensmaagd, Here, en genees haar, en maak haar heeltemal gesond. Ek vra, in Jesus' Naam, die Seun van God. Amen.

246 Gaan nou. Moenie enigiets betwyfel nie, suster. Jy is nou deur God geseën. En ek het gevra, en ek glo dat ek ontvang waarvoor ek gevra het. Glo julle dit nie? Gaan dan, sê dit, en jy sal kry waarvoor jy gevra het. Amen.

247 Glo in God. Glo julle? Nou asseblief. . . Ek—ek veronderstel ek is miskien. . . Is ek. . . Ja, ek word miskien laat. Goed, net 'n oomblik, almal baie. . . Ek probeer vir julle werk, vir God, na julle, as julle net stil sal wees en nie sal beweeg nie, vir 'n minuut. . .

Laat my met hierdie vrou praat, hier. Is hierdie die pasiënt, meneer? Die Here seën jou, dame. Praat jy Engels? Dis baie goed.

248 Nou, julle sien, hierdie moet baie eerbiedig wees. Julle sê: "Broer Branham, wat het dit daarmee te doen?" Baie. Jesus, wat eenkeer 'n persoon genees het, het hom weggeneem van die skare af, hom buite die stad uitgeneem, en vir hom gebid. Is dit reg?

249 En eenkeer toe Jaïrus se dogter dood was, het al die mense gehuil en tekere gegaan, en Hy het hulle, almal, uit die huis uitgestuur. Is dit reg? Sien? Ja, hierdie. . . Jy's—jy's—jy's—jy's. . . die manier wat jy beweeg, jou aksie, sien, jy's in 'n ander wêreld.

250 O, ek het julle lief met my hele hart. Ek wens julle kan net my Here Jesus net nou ontvang. Julle sal een van die grootste dinge sien gebeur wat julle ooit in julle lewe gesien het. Maar glo net.

251 Nou, hier's 'n vrou, is miskien Spaans. Ek—ek weet nie. Maar God ken haar. Ek nie. As God, ons Hemelse Vader, met hierdie vrou sal praat deur die Heilige Gees, net my lippe gebruik, soos ek myself aan Hom oorgee, en vir my sal laat weet waarvoor hierdie Spaanse vrou hier is, sal almal van julle, op een slag, sê: "Dit sal dit vir my afhandel, vir altyd? Ek sal net nou, dan, die Here Jesus Christus glo en Hom aanvaar." Sal julle dit doen? Goed, dan kan ons bid, en almal sal genees word.

Julle is alreeds genees. Ek bedoel, dit aanvaar. Sien? Net soos julle dit aanvaar, dis wanneer ons dit weet.

252 Goed, suster, mag die Here Jesus dit skenk. Jy, Spaans, en ek, Iers, en jare uitmekaar en—en alles, ons ken nie mekaar nie. Maar Jesus ken ons, nie waar nie? Hy weet alles daarvan.

253 Jy het 'n—n senuweetoestand, 'n maagprobleem, dis reg, probleem met jou oog, ook. Dis waar. Jy's nie van hier af nie. Jy's nie van hierdie omstreke nie. Nee, jy's van 'n ander plek genaamd El Monte, Kalifornië, iets in daardie lyn. Dis reg. En jou naam is Naómi. Dis reg. Jou van is Moore. En jou huisnommer is 502, soiets, Mullhallstraat. Dis reg. Is dit reg? Nou, gaan jy gesond terug. Jesus maak jou gesond.

O, God, wees genadig, bid ek, deur Jesus' Naam.

Glo julle?

254 Meneer, wil jy jou aandete gaan eet? Wel, gaan kry vir jou 'n lekker, groot hamburger en eet dit. Jou maagprobleem het jou verlaat. Amen. Gaan, word . . .

Kom. Nooit 'n operasie nie; gewas is klaar weg. Hardloop net op jou pad, en juig.

255 Kom ons sê: "Prys die Here." Die Heilige Gees is hier as julle dit net kan glo. Dit is dit. Dit is wat dit verg om dit te doen.

256 As jy sal glo, sal die hart jou nie meer pla nie. Hou net aan loop, en juig, en dank God met jou hele hart en siel. Kom ons sê: "Prys die Here."

257 As julle geloof kan hê . . . Snaakse gevoel, toe ek gesê het van daardie maagprobleem van daardie man, nie waar nie? Nou, gaan doen jy net so. Eet jou aandete, in Jesus' Naam.

258 Glo julle daarbuite? Wil julle genees word, elkeen van julle, net nou? Goed, doen dan dit: Buig julle hoof, net 'n oomblik, nou, herhaal julle hierdie gebed. Bid julle die gebed wat ek sê:

259 [Gemeente herhaal die volgende gebed agter Broer Branham aan—Red.] Dierbare Hemelse Vader, ek glo nou dat Jesus, U Seun, opgestaan het uit die dood, en my sonde vergewe het, en my siekte genees het. Ek aanvaar dit net nou. Ek glo dat U hier is in Geesvorm, en dieselfde dinge doen wat U gedoen het toe U hier was in die vlees. En ek aanvaar U as my Geneser. Help my, Here, om nooit weer te twyfel nie.

260 Nou, wees julle net baie stil, bly afgesonder met God. Hou julle hoof gebuig. Dis julle gebed.

261 Nou, net in geloof, kyk na Hom. Met oë van geloof nou, met jou fisiese oë gesluit, kyk na Hom; verbeel jou net, Hy staan daar, reg langs jou daar; Sy arms uitgestrek. Nou, daar's net een ding wat jou weerhou om dit te ontvang. Reg bokant julle hang 'n donker skaduwee. Dis Satan, 'n twyfelaar, wat probeer sê: "Wel, ek sal . . . iets anders."

262 Nou, ek gaan daardie twyfel bestraf, daardie ding wat maak . . . wat julle sal laat twyfel. Dis my gebed. Nou, bly julle net afgesonder met God terwyl ek vir julle bid, en glo dat God se genesingskrag reg in julle inkom deur julle eie geloof net nou. God se genesingskrag beweeg reguit in julle in deur geloof waarmee julle dit ontvang.

Al die kankers beweeg uit. Die maagprobleme verdwyn. Die vroueprobleme verdwyn. Alle siektes verdwyn.

Nou, Hemelse Vader, hulle het bely. Hulle het hulle probleem na U toe gebring. En nou bring ek hulle na U toe.

En nou, hierdie duiwel van twyfel wat oor die mense sou hang, wat hulle sou laat twyfel:

263 Satan, jy het die stryd verloor. Vir jare het jy die mensdom opgesluit gehou in twyfel, maar God, in Sy genade, het vir ons die Lig gestuur. En jy is 'n verleier. En jy is ontbloot, en jy het geen wetlike regte nie. Jesus Christus die Seun van God het jou op Gólgota gestroop van alles wat jy ooit gehad het. En jy's net 'n bluf. En ons roep jou hand, deur die Bloed van Jesus. En jy kan ons nie meer laat twyfel nie, so kom uit hierdie mense uit, en gaan weg van hulle af, en verlaat hierdie tabernakel, vanaand. Ek beveel jou, in die Naam van die . . . Jesus Christus, die Seun van die lewende God, dat elke twyfel wegbeweeg van elke persoon, en Jesus Christus hulle heeltemal gesond maak. Tot die eer van God, vra ek dit, in Jesus' Naam. En, Satan, jy is bestraf. Kom uit hulle uit.

Blinde Bartiméüs AFR55-1115
(Blind Bartimaeus)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Sondagoggend, 15 November 1955, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2019 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org